RHODES UNIVERSITY
LIBRARY
Cl. No. T 350
Acc. No. 80449

# DIE AKTUALITEIT IN DIE POËSIE VAN A ROLAND HOLST.

Proefskrif ingelewer ter verkryging
van die M.A.-graad, in die Fa-
kulteit van Lettere aan
die Universiteit
Rhodes, Graham-
stad deur

G. C. Bezuidenhout.

Maart 1954.

VERANTWOORDING.

By die ondersoek na die rol wat die aktualiteit in die poësie van A. Roland Holst speel, wou ons veral nagaan of diè gedigte waarin elemente van die aktualiteit aanwesig is, in wese van sy orige werk verskil.

Hoofstuk II, „Teen die Wêreld" gaan veral sover dit die inhoud betref, op hierdie vraag in. In die derde en vierde hoofstukke is na aanleiding van 'n aantal verteenwoordigende gedigte getrag om meer in besonderhede, en ook wat die vorm aangaan, die saak van nader te beskou, en die resultate van die ondersoek is in die Slotbeskouing saamgevat.

## INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK I:
Die wêreld tussen twee oorloë.................1

HOOFSTUK II:
Teen die wêreld.
1. Aktualiteitspoësie, met name in Nederlands.. 12
2. A. Roland Holst teen die wêreld............ 16
3. Die ondergangsmotief......................26

HOOFSTUK III:
Gestalte van aktualiteit en verset in die tyd-gedigte: vóór die noodweer
1. De Prins Weergekeerd...................... 36
2. Voor West-Europa......................... 43
3. Zwaar Weer op Til.........................52

HOOFSTUK: IV:
Gestalte van aktualiteit en verset in die tyd-gedigte: tydens die noodweer.
1. Drie Dichters en de Oorlog ...............62
2. In Memoriam Charles Edgard du Perron et Menno ter Braak.
Ook Marsman............................ 74
3. Helena's Inkeer.......................... 78

SLOTBESKOUING.............................. 92

BIBLIOGRAFIE............................... 100

## H O O F S T U K 1.

### Die Wêreld tussen twee Oorloë.

Alhoewel die omstandighede in die jare voor 1914 tot die uitbreek van 'n wêreldoorlog gelei het, was die kennis van die ware toedrag van sake min of meer beperk tot diplomate, politieke leiers, en diegene wat hul daarop toegelê het om staatkundige sake te bestudeer. Vir die oorgrote meerderheid - wat nie slegs onintelligente of onopgevoede massas beteken nie - het die Eerste Wêreldoorlog onverwags „die Welt der Sicherheit" op 'n end gebring. Wat egter nie algemeen besef is nie, is dat daar aan hierdie tydperk van sekuriteit miskien vir goed 'n einde gekom het.(1) Die oorlog self het ongekende ellende meegebring. Dit was die grootste oorlog in menseheugenis, en 'n ernstige slag vir die optimisme van die neëntiende-eeuse geloof aan die vooruitgang van die wêreld en die mensdom. Maar die oorlog was nie genoeg om hierdie optimisme te vernietig nie.

Wat die nuus, dat die oorlog beëindig is, beteken het, beskryf Stefan Zweig soos volg (2): „Wir glaubten - und die ganze Welt damals mit uns -, mit diesem Kriege sei ‚der' Krieg für alle Zeiten erledigt, die Bestie gezähmt oder gar getötet, die unsere Welt verheert. Wir glaubten an Wilsons grossartiges Programm, das gänzlich das unsere war, wir sahen im Osten in jenen Tagen, da die russishce Revolution noch mit humanen und idealistischen Ideen Brautnacht feierte, einen ungewissen Lichtschein kommen. Wir waren töricht, ich weiss es. Aber wir waren es nicht allein. Wer jene Zeit erlebt, dererinnert sich, dass die Strassen aller Städte dröhnten vor Jubel, um Wilson als den Heilbringer der Ende zu empfangen, dass die feindlichen Soldaten

---

1. Sien ook W.L.M.E. van Leeuwen : Drift en Bezinning. p. 82.
2. S. Zweig : Die Welt von Gestern. p. 321.

sich umarmten und küssten; nie war so viel Gläubigkeit in Europa wie in den ersten Tagen des Friedens. Denn jetzt war doch endlich Raum auf Erden für das langversprochene Reich der Gerechtigkeit und Brüderlichkeit; jetzt oder nie die Stunde für das gemeinsame Europa, von dem wir geträumt. Die Hölle lag hinter uns, was konnte nach ihr uns noch erschrecken ? Eine andere Welt war im Anbeginn. Und da wir jung waren, sagten wir uns : es wird die unsere sein, die Welt, die wir erträumt, eine bessere, humanere Welt". (2)

Die jare direk na die Eerste Wêreldoorlog was onrustig en moeilik. Afgesien van die wêreldprobleme wat deur talryke internasionale konferensies geen stap nader aan 'n oplossing gebring is nie, was daar verder die moeilike taak om ook in die dinge van die daaglikse lewe te herstel en op te bou wat deur die oorlog vernietig was. Daar was probleme wat die persoonlike lewe geraak het : verliese wat gely is, en inflasie. Na die optimistiese verwagtinge wat deur die einde van die oorlog aangewakker is, volg desillusie. Geen wonder dat Italië ryp was vir die fascisme nie. "So weit sie wache Augen hatte, sah die Welt, dass sie betrogen worden war. ---- Eine ganze neue Jugend glaubte nicht mehr den Eltern, den Politikern, den Lehrern; jede Verordnung, jede Proklamation des Staates wurde mit misstrauischem Blick gelesen." (3)

'n Mens kan veilig aanneem dat lande wat neutraal gebly het, net soos hul gedurende die oorlog veel gespaar gebly het, ook in 'n mindere mate deur die na-oorlogse onrus vertroebel is. Maar hul het tog nie buite die wêreld gestaan nie en het nie volkome vrygespring nie. Al sou hul op materiële gebied nie deurgemaak het wat die oorlogvoerende lande deurgemaak het nie, tog was geestelike iso-

2. S. Zweig : Die Welt von Gestern. p. 321 ..

3. S. Zweig : Die Welt von Gestern. p. 341 - 342.

lasie onmoontlik. Die Nederlandse kunstenaars wat reeds voor die wêreldoorlog hul werk begin lewer het, is (oënskynlik in elk geval) veel minder deur die gebeure beïnvloed as die jonger geslag, wat veral die invloed van die Duitse ekspressionisme ondergaan het. „Deze (die jonger) generatie werd dus eensdeels gevormd temidden van veranderde technische en sociale toestanden; anderzijds werkte de buitenlandse moderne litteratuur op hen in ...... Allereerst had invloed het Duitse expressionisme ; de stroom van Duitse boeken naar Nederland was vooral in die inflatieperiode bijzonder groot. En uiteraard moest die litteratuur weerklank vinden by deze generatie : alle tradities werden door de jonge literatoren in het ondergaande Duitsland verbroken : het vrije vers, de kreet-poëzie verving de brede vloeiende rythmen; de filmische nieuwe styl van de roman week al evenzo sterk af van de „oudere" romanvorm; heel het moderne leven, al de ellende van de tyd, al het dynamische levens lag in de inhoud dezer werken. Niet onderschatten moet men waarschijnlijk ook het persoonlijk contact van enkele der belangrijkste jongeren in ons land met jonge Duitsers. En na de invloed der jonge Duitsers ondergaan te hebben, voegden zich aan hun wereldbeeld toe de indrukken uit de nieuwe Engelse en Amerikaanse, de nieuwe Russische en later ook de nieuwe Franse litteratuur". (4)

Hier dink 'n mens dan aan Paul van Ostayen, en veral aan sy bundels "Music Hall", "Het Sienjaal", Bezette Stad en De Feesten van Angst en Pijn", waarin allerhande poëtiese eksperimente voorkom. Twee literêre verskynsels van hierdie tyd is die „nuwe saaklikheid", en 'n intense lewensdrif, lg. in Nederland onafskeidbaar verbonde aan die naam van Marsman:

4. W.L.M. E. van Leeuwen : „Drift en Bezinning" p. 125

5. „Lex Barbarorum", Paradise Regained (1927) in Verzameld Werk, I, p. 62.

„ik erken maar één wet :
leven.
allen die wegkwijnen aan verdriet
verraden het en dat wil ik niet".(5)

Met die einde van die Duitse inflasie (1924) het daar 'n verposing in die wêreldgebeure gekom, wat skynbaar die begin aangekondig het van 'n tweede wêreld van sekuriteit. As voorbeeld van die algemene optimisme wat in hierdie jare geheers het, kan die volgende woorde van S. Zweig dien : „Schon grüssten wir in dem Aufstieg der Ordnung den Anfang einer dauernden Beruhigung. Abermals, abermals, meinten wir, der Krieg sei überwunden, Toren, unheilbare, wie wir es immer gewesen. Jedoch dieser trügerische Wahn, er hat uns immerhin ein Jahrzehnt der Arbeit, der Hoffnung und selbst der Sicherheit geschenkt ...

Von heute ausgesehen, stellt das knappe Jahrzehnt zwischen 1924 und 1933, vom Ende der deutschen Inflation bis zur Machtergreifung Hitlers trotz allem und allem eine Pause dar in der Aufeinanderfolge von Katastrophen, deren Zeugen und Opfer unsere Generation seit 1914 gewesen is. Nicht dass es innerhalt dieser Epoch an einzelnen Spannungen, Erregungen und Krisen gefehlt hätte - jene wirtschaftliche von 1929 vor allem -, aber innerhalb dieses Jahrzehnts schien in Europa Friede gewährleistet, und schon dies bedeutete viel. Man hatte Deutschland in allen Ehren in den Völkerbund aufgenommen, mit Anleihen seinen wirtschaftlichen Aufbau - in Wirklichkeit seine heimliche Aufrüstung - gefördert, England hatte abgerüstet, in Italien Mussolini den Schutz Österreichs übernommen. Die Welt schien sich wieder aufbauen zu wollen. Paris, Wien, Berlin, New York, Rom, die Siegerstädte ebenso wie jene der Besiegten, wurden schöner als je, das Flugzeug bezwingte den Verkehr, die Passvorschriften länderten sich. Die Schwankungen zwischen

den Währungen hatten aufgehört, man wusste, wieviel man einnahm, wieviel man ausgeben durfte, die Aufmerksamkeit war nicht mehr so fieberhaft auf diese äusserlichen Probleme gerichtet. Man konnte wieder arbeiten, sich innerlich sammeln, an geistige Dinge denken. Man konnte sogar wieder träumen, und auf ein geeintes Europa hoffen. Einen Weltaugenblick - diese zehn Jahre - schien es, als sollte unserer geprüften Generation wieder ein normales Leben beschieden sein".(6)

Die rus en voorpoed van hierdie jare het in werklikheid 'n baie onvaste fondament gehad. Die Dawes-plan en die verdrag van Locarno het skynbaar die ernstigste probleme van die oomblik opgelos, maar gladnie geheel en al nie, en ewemin permanent. Duitsland is bv. in staat gestel tot die jaarlikse uitbetaling van 'n groot som geld - „oorlogskuld" -, oor 'n onbepaalde tyd, deur lenings uit die V.S.A.

Intussen het die krisis van 1929 handuitgeruk, het die Japanse troepe in Mantsjoerye begin veg; het die fasciste die Italiaanse regering oorgeneem; en was Hitler druk besig met voorbereidingswerk. In Januarie 1933, word Hitler Kanselier van Duitsland; in Februarie tree Japan uit die Volkebond; in Oktober verlaat Duitsland die Ontwapeningskonferensie en die Volkebond.

Teen die helfte van 1933 is alle nie-Nazi-partye en organisasies in Duitsland deur geweld ontbind. „The Reichstag had henceforth no function but to meet at rare intervals for the purpose of applauding the Chancellor's declarations of policy".(7) Soos Italië, het Duitsland ook nou 'n totalitêre staat geword, en onmiddellik 'n bedreiging vir sy bure. Daar is duidelik laat verstaan dat Duitsland hom nie meer deur die Verdrag van Versailles

---

6. S. Zweig : Die Welt von Gestern. p. 360

7. E.H. Carr : International Relations, Since the Peace Treaties. p. 198.

sou laat bind nie - en Duitsland was nog nooit tevrede oor die vasstelling van sy oosgrens nie. Die vernedering van die Verdrag van Versailles - wat nooit offisieel herroep is nie, was nuttige propagandamateriaal vir die nasionaal-sosialisme. Die geweldige - en onbepaalde - somme geld wat oor 'n baie lang tydperk deur Duitsland uitbetaal moes word, het alle ambisie om ekonomies vooruit te gaan, gesmoor. Weens die onpopulêre verpligtinge, wat die regering gedwing is om te aanvaar, was die Weimar-republiek in Duitsland nie gewild nie. Maar onder die nuwe regime sou Duitsland sy prestige herower, en regte eis wat hom ontsê is. 'n Begin is gemaak met die verlating van die Ontwapeningskonferensie.

Die Volkebond het intussen veel van sy invloed en prestige verloor. Lande wat agressie wou pleeg - Japan in Mantsjoerye, Italië in Abessinië - het dit gedoen sonder dat die Bond enigsins by magte was om hulle te verhinder. Japan het eenvoudig die Volkebond verlaat, en Italië het, ten spyte van ekonomiese sanksies, sy oorlog gewen.

Sedert die Eerste Wêreldoorlog het die idee ontstaan dat 'n land waarvan die interne organisasie op 'n sekere politieke ideologie gebaseer is, geregverdig is om die ontwikkeling van hierdie ideologie in ander lande aan te moedig. Om hierdie rede het die Spaanse Burgeroorlog wat in 1936 uitgebreek het, gelyk na 'n Europese burgeroorlog wat op Spaanse grond uitgeveg is. Die Sowjets het die Spaanse regeringsmagte gesteun. Ook Duitsers wat anti-nasionaal-sosialisties gesind was, en Italianers wat anti-fascisties was, en sosio-kommuniste uit prakties alle lande, het aan die regeringskant geveg. Duitsland en Italië het die rebelle gehelp.

Namate die uitbreek van die ~~komende~~ „storm" genader het, het die tekens ook al duideliker geword, en al meer. In Maart 1938 vind die Anschluss van Oostenryk met Duitsland

plaas, en in September van dieselfde jaar moes Tsjeggo-Slowakye die Sudentenland aan Duitsland afstaan, in ruil vir 'n Duitste belofte om afstand te doen van alle verdere aansprake op sy grondgebied. In Maart van die volgende jaar is egter ook Boheme en Morawië geannekseer, en nou vir die eerste keer het daar enige ware teenstand van die kant van Engeland en Frankryk gekom, maar Duitsland het tog nog kans gehad om so in die verbygaan die Memelgebied „heim ins Reich" te voer ! Op 23 Augustus 1939 is die non-agressie-verdrag tussen Sowjet-Rusland en Duitsland gesluit. Op 1 September het Duitsland Pole binnegeval, en onmiddellik het Engeland en Frankryk en daarna die ander lande wat die Geallieerdes sou word, oorlog teen Duitsland verklaar. In Mei 1940, het Duitsland Nederland binnegeval, en die besetting wat eers in 1945 opgehou het, het begin.

Dit is nogal moeilik om gemeenskaplike kenmerke van idee te vind binne die respektiewe groepe waarin die verskillende lande hul voor die oorlog saamgevoeg het : Duitsland, Italië en Japan het die eenkant gevorm, terwyl Frankryk, Engeland en, voor Augustus 1939, die Sowjet-Unie, die vernaamste lande van die teenoorgestelde groep was. „The fundamental division is between those who are in the main satisfied with the present (8) international distribution of the world's goods, and those who are not". (9)

Nie alleen op politieke gebied nie, maar ook op ekonomiese gebied het die verskille tussen die groepe moeiliker aantoonbaar geword. Die kommunistiese regering van die Sowjet-Unie het feitlik 'n staatskapitalistiese stelsel geword. Toe die staat (in kapitalistiese lande bv.

---

8. 1937.

9. E.H. Carr : International Relations Since the Peace Treaties.

die V.S.A.) gedurende die ekonomiese krisis van 1929 - 1933 moes ingryp, het 'n toestand ontstaan wat nie slegs van tydelike aard kon wees nie. Onbeheerde kapitalisme is iets van die verlede, staatsbeheerde kapitalisme en die toenemende nasionalisering van bedrywe aan die orde van die dag - (selfs in die V.S.A., maar die gewone man graag dink dat dit 'n liberaal-kapitalistiese staat is). "We have reached a point in history where the transition from the nineteenth-century laissez-faire-capitalist order offers us no alternative short of annihilation in war, to a social and economic order, which we can call the "welfare state", the 'social service state' or simply 'socialism' "(10) Die fascisme in Italië het private ondernemings toegelaat, maar hou alle organiseerders van industrië aan die staat verantwoordelik. Een van die punte van die nasionaal-sosialistiese partyprogram in Duitsland was die nasionalisering van trusts.

Die een verskil in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog tussen die demokratiese en die totalitêre state, was dat in die demokrasieë daar darem meer persoonlike vryheid was as in die nasionaal-sosialistiese Duitsland, die fascistiese Italië of die Sowjet-Unie. Wat die toestande in ander lande ook al mag gewees het, is die resultaat van die vryheidsbeperking in Duitsland onmiddellik in Nederland gevoel. 'n Mens moet maar dink aan die stroom vlugtelinge - veral Jode - uit Duitsland in daardie jare. Verder is daar veel politieke propaganda gemaak. Die N.S.B., aanvanklik 'n kopie van die Italiaanse fascisme, maar weldra al hoe meer van die Duitse Nasionaal-Sosialistiese beweging, het

---

10. E.H. Carr : The New Society. p. 38.

reeds sedert 1931 bestaan, maar nadat die nasionaal-sosialisme in Duitsland geseëvier het, het die N.S.B. vermeteler in sy optrede geword. Iets wat ook onthou moet word, is die feit dat Van der Lubbe, 'n Nederlandse kommunis, vir beweerde skuld aan die Ryksdagbrand in Duitsland te -reggestel is, ten spyte van 'n versoek om genade deur die Nederlandse Koningin. Terselfdertyd is in die buiteland vermoed dat die Ryksdaggebou deur die nasionaal-sosialiste self aan die brand gesteek is, sodat 'n voorwendsel gevind kon word vir 'n klopjag op kommuniste. Die inkorting van die persoonlike vryheid in Duitsland, was nie slegs duidelik merkbaar in Nederland nie, maar het ook die gevaar nader aan eie huis gebring.

Afgesien daarvan dat 'n mens die mindere van twee euwels kon kies, was daar egter weinig verskil tussen die lande wat in die Tweede Wêreldoorlog teen mekaar geveg het.

Dit is om hierdie rede dat selfs bepaalde „woordvoerders" wat wel vir die demokrasie party gekies het, dit feitlik nooit met geesdrif gedoen het nie. Die onrustige jare tussen 1933 en 1939 het bv. iemand soos Greshoff gedwing om party te kies, maar slegs uit selfverweer, nie uit entoesiasme vir 'n politieke stelsel nie: „Slechts gedurende een kort tydperk van mijn bestaan, van 1933 tot 1939, heb ik mij met hart en ziel ingespannen voor de dingen van de dag. Niet omdat deze mij belang inboezemden, noch omdat ik er een blijvende waarde aan toekende; uitsluitend omdat ik het mijn plicht tegenover mezelf achtte de wijze van deken en leven, welke ik vertegenwoordig, met hand en tand te verdedigen ..... Mijn strijd, onze strijd tegen de voorstanders van een totale staat had in wezen al heel weinig te maken met wat in de wandeling politiek heet. Het was ons niet om enig stelsel te doen, wij verfoeiden alle stelsels .... De partijen, die voor en gedurende de oorlog openlijk tegenover elkaar stonden en die zich fascisten en

democraten noemden, praatten beide over een nieuwe orde, welke na de oorlog gesticht zou worden. En het pijnlijke is dat maatregelen, welke de democraten ons beloofden, bedenkelijk veel geleken op die welke de fascisten aanbevalen en nog steeds aanbevelen" (11) Ook Ter Braak het steeds stelling ingeneem aan die kant van die demokrasie - as „vluchtheuvel", omdat daar eenvoudig 'n definitiewe standpunt moés ingeneem word teen die diktatoriale inkorting van persoonlike vryheid. Anders as Greshoff was Ter Braak altyd besig om alles wat hipokriet was, te ontmasker. En ten slotte het die druk van die omstandighede hom daartoe gedwing om kant te kies vir 'n hipokritiese demokrasie, die mindere en daarom noodsaaklike kwaad. Nog heftiger stry De Perron vir die „laatste bolwerk der Europese geestesvrijheid en bewegingsvrijheid"; maar slegs omdat hy weet „dat er weldra geen plekje meer zal zijn voor hem en zijn 'vrienden', en dat onverbiddelijk het eenzame hert tussen de kudde buffels doodgedrukt zal worden". (12)

Dié verskynsel vind ons in hierdie jare by vele kunstenaars in Nederland: die noodsaak om die vryheid wat hulle geniet, en die waardes wat hulle hoogag, te verdedig, dwing hulle eenvoudig om „party" te kies, 'n party waarin hulle in werklikheid nie geloof het nie, en waarvoor hulle in baie gevalle slegs afkeer voel. Die magte wat hulle vryheid en waardes onmiddellik bedreig het, was soveel gevaarliker as die verfoeide, maar tans mede bedreigde „party", dat hulle hul met verbetenheid, en sommige met hart en siel, in hierdie stryd gewerp het.

A. Roland Holst, wat juis hierdie „woordvoerders", wie se sin nie syne was nie, sy vriende genoem het, se

---

11. J. Greshoff : Verzameld Werk : Legkaart, p. 306, 307

12. W.L.M.E. van Leeuwen : Drift en Bezinning. p. 172.

houding sal ons in die hieropvolgende hoofstukke probeer belig. In die verbygaan kan slegs opgemerk word dat Du Perron in 1934 aan Roland Holst sy aktuele Smalle Mens opdra, en daarby, afgesien van hul vriendskap veral Roland Holst se „afzijdigheid" noem as dié ding wat hom in besonder op die idee gebring het „jou in het bezonder voor deze opdracht te kiezen". (13); dat Vestdijk in 1937 „voor A. Roland Holst" sy venynig anti-nazistiese „Dialoog over de Ezellinenmelk" (14) skryf; en dat Ter Braak in Julie 1938 hulde bring aan Roland Holst se „primitieve voornaamheid", wat geleë is in die feit dat hy „zich niet door luidkeels uitgebrulde leuzen, mechanische leuzen van links en rechts, wil laten afleiden van de wereld als een geheim, dat te groot ~~groot~~ is voor zulke platte oplossingen". (15)

---

13. E. du Perron : De Smalle Mens. p. 6.
14. S. Vestdijk: De Poolsche Ruiter. p. 205 - 212
15. M. ter Braak : Verzameld Werk VII p. 23.

## H O O F S T U K II.

### Teen die Wêreld.

### 1. Aktualiteitspoësie, met name in Nederlands.

Met aktualiteitspoësie word bedoel gedigte wat handel oor of verband hou met die aktualiteit van die samelewing of die wêreldgebeure, hoewel dit natuurlik ook moontlik is om die begrip „aktualiteit" uit te brei tot die „persoonlike" aktualiteit van die digter. Dit sou egter geen sin hê om dit te doen nie wanneer 'n mens juis wil onderskei tussen aan die een kant, dié verse van 'n digter wat oor die tydsgebeure handel en aan die ander sy bloot persoonlike verse.

Daar is in alle tye, veral in tydperke van krisis en verset, en byna deur alle digters, aktualiteitsverse geskryf. 'n Mens hoef bv. glad nie diep te delf om 'n byna aaneenlopende reeks tydsgedigte in Nederlands te vind nie.

Reeds in die Middeleeue rig die skrywer van die „Kerelslied" hom teen die opkomende dorper wat iemand wil wees en nie eens weet hoe om hom te gedra nie. Jacob van Maerlant skryf in die dertiende eeu sy didaktiese verse waarin heersende toestande en misbruike gekritiseer word :

„Wapene, Martijn ! hoe salt gaen ?
Sal dese werelt iet laenghe staen
In dus cranken love?"

Die eietydse gebeure is ook die stof van veel rederykersrefereine van die sestiende en sewentiende eeu : die Hervormings - en Teenhervormingsliteratuur. 'n Mens dink - om maar één te noem - aan die refereine van Anna Bijns. Beroemd as versetsliteratuur is die Geuseliedere van die sestiende en sewentiende eeue.

Kom ons by die bekendste digters van die sewentiende eeu, vind ons dat selfs iemand soos Hooft tydsgedigte geskrywe het. As 'n mens die versamelde werk van Vondel beskou, is sy nie -dramatiese oorspronklike digwerk wat nie in die een of ander sin tydsverse is nie, in vergelyking

met dié wat dit wel is, so min dat jy dit byna op jou tien vingers kan tel. In die bekende uitgawe deur W.A.P. Smit van Revius se poësie beslaan die tydsverse een deel - dus ongeveer die helfte van die geheel.

I n die agtiende eeu is daar weer minder tydsverse maar teen die einde van die eeu en daarna, vind ons dit weer by Bilderdijk en in die tydsange van Da Costa. Met die opkoms van die sosialisme in die laat neëntiende eeu en die begin van die twintigste eeu, skryf o.a. Herman Gorter en Henriëtte Roland Holst sosialistiese gedigte. Ook die strydverse van die arbeidersdigters Van Collem en Van Scheltema kan vermeld word.

Gedurende die jare tussen die twee wêreldoorloë, veral ná 1930 word daar weer aktualiteitsverse geskryf. „Wanneer ik denk aan de tien jaren voor 1940, zie ik een voortdurende stijging van het actuele in onze lyriek".(1)

Opvallend veral is die feit dat „de pricipiële individualisten : A. Roland Holst, Greshoff en Marsman"(2) nou tydsgedigte skryf. Ook by Engelman, Van Duinkerken, Nijhoff vind ons die aktualiteit.

Die versetsliteratuur in die Nederlande gedurende die jare van die Tweede Wêreldoorlog kan vergelyk word met die Geuseliedere uit die Tagtigjarige Oorlog : versetsgedigte, meestal anoniem, is klandestien uitgegee en in die geheim versprei. „Ons volk, beroofd van vliegtuigen, kanonnen en geweren, had een geheim wapen ontdekt : het lied ....... nu verschenen van alle kanten de liedboeken .... alle dienstbaar aan één doel : ons volk te sterken en prikkelen tot verzet, verzet en nogeens verzet".(3)

---

1. G. Stuiveling : Steekproeven. p. 245. „Het Niewe Geuzenlied"
2. " " " " "
3. Geuzenliedboek 1940 - 1945. p. 3. „Verantwoording". Sien egter ook Stuiveling : Steekproeven. p. 249 - 251

Lank nie al die versetsgedigte verdien die titel "poësie" nie, hoewel daar ook gedigte van mense soos Bloem en Nijhoff in die Geuzenliedboek 1940 - 1945 staan. Dit is niks vreemds dat strydverse eintlik glad nie verse is nie, en dit bring ons dus tot die probleem van die poësie as wapen, m.a.w. poësie geskryf met 'n ander doel as die suiwer poëtiese. 'n Mooi bespreking van hierdie vraagstuk, juis na aanleiding van die Nederlandse versetspoësie van die afgelope oorlog, is „Het Nieuwe Geuzenlied, een symposion in het najaar van 1945" uit Steekproeven deur G. Stuiveling.

Alle aktualiteitspoësie hoef natuurlik nie versetspoësie te wees nie. Daar is bv. die bloot verhalend-historiese gedig, of die aktualiteitsgedig waarin òf geen oordeel, òf 'n gunstige oordeel oor die bepaalde situasie uitgespreek word. In sommige tydsverse bly die aktualiteit beperk tot die binnelandse gebeure,(1) in andere weer word dit 'n siening op 'n beskawing i.p.v. 'n nasie in nood. „Voor West-Europa" en „Drie Dichters en de Oorlog" III is voorbeelde van laasgenoemde.

Wat die toon van die tydsverse betref, kan daar ewe diepgaande verskille voorkom. In die eerste plek is daar die bloot propagandavers. Hierdie soort tydsgedig het die bedoeling om die persoon (of persone) tot wie die digter hom rig, tot die digter se oortuiging te bring, sodat hy aktief sal optree om tydelike sake te verbeter".(2)

In hierdie soort vers kies die digter definitief kant. Daar is verder die deurgaans veel belangriker satiriese of pole-

---

1. Stuiveling : Steekproeven : „Het Nieuwe Geuzenlied": „de dichters van het Geuzelied ..(hebben) .. hun bezieling ontleend aan de conservatieve drie-eenheid - God, Nederland en Oranje.
2. Vgl. party van die ou en moderne „geuseliedere" en baie sosialistiese gedigte van Van Scheltema, Van Collem, Freek van Leeuwen, Jef Hast, Stuiveling (minder by Gorter en Henriëtte Roland Holst)

miese aktualiteitsgedig, waarin die digter party kan kies of nie. Vondel se hekeldigte is beroemde voorbeelde van hierdie tipe.

Revolusionêre poësie hoef natuurlik nie noodsaaklik met massarevolusies saam te val nie. Wèl egter kom revolusionêre aktualiteitsgedigte natuurlik meestal voor in tye van krisis. Maar selfs dan hoef dit 'n mens nog nie te verwonder dat juis individualistiese digters, wat hul gewoonlik, in hulle poësie, afsonder van die tydsgebeure, die meer revolusionêre aktualiteitspoësie skryf nie : "er (leeft) doorgaans meer werkelijk verzet .... in individualistische dichters, wier naam nooit in z.g. "revolutionair" verband is genoemd" (1)

Hoewel Roland Holst dus soos ons gesien het, nie alleen was in die skrywe van aktualiteitsverse in die jare 1930 - 45 nie - 'n hele geslag digters het meegedoen - en hoewel hy selfs nie die enigste "individualis" is wat aktualiteitsverse geskryf het nie, skryf hy tog 'n besondere soort tydsvers, wat eintlik heel anders is as dié van sy tydgenote. 'n Mens sou dit miskien die beste kon karakteriseer as visionêre tydspoësie "met enkele polemiese aksente" (2). Dit staan geheel in die teken van sy eie persoonlike opvatting van die wêreld en die lewe, en verloën - paradoksaal genoeg - slegs by uitsondering sy stelling dat die digter hom liewers nie met die wêreld moet inlaat nie. Hy pas die aktualiteit van die hede in by sy algemene idee van die ondergange, en gee op dié wyse 'n sinvolle betekenis aan die tydsgebeure.

Wat J.A. Rispens geskryf het in sy karakteristiek van die hedendaagse Nederlandse tydsgedig in teenstelling

---

1. M. ter Braak : Verzameld Werk. 5. p. 101 & 102 "Revolutionaire Poëzie".
2. Menno ter Braak merk die polemiese aksent ook in Een Winter aan Zee : "Selfs ontdekte ik in Een Winter aan Zee iets, dat lijkt op ... visionaire polemiek, een hartstocht die overgens wel allerminst tot de Holstiaanse behoort. "Zij voorspelden mijn lied ..." (VI nr. 5) M. ter Braak : Verzameld Werk VI. p. 492.

met die tydsgedig van die neëntiende eeu, kan in die besonder geld as tipies van Roland Holst se aktualiteitspoësie : „waar deze poëzie zich met historie en politiek inlaat, (blijft) de aestetische en wijsgerige interesse hoofdsaak (....) De grote tijdsgedichten van een Victor Hugo en da Costa zijn (en hiermee wil hun bezieling in geen dele te nagesproken zijn) eigenlijk een soort van politieke verhandeling in poëtische parafrase, de moderne poëzie, zo ook Roland Holst, spreekt ook hier by voorkeur in symbolentaal, die historie en politiek alleen in extract, alleen als het onzichtbaar stramien van een dichterlijk runenschrift, geeft. In die vroegere tijdsgedichten, kwam men direct met de feitelijkheid van historie en politiek in aanraking, ze wemelden van namen van personen en gebeurtenissen; de moderne dichter transponeert deze dingen dadelijk naar het plan van zinspeling en suggestie."(1)

2. A. Roland Holst teen die Wêreld:

Roland Holst se aktualiteitspoësie kan beskou word as 'n reaksie op die wêreldgebeure, as versetspoësie teen die bedreiging wat uitgaan van 'n sekere ideologie, en die aanhangers daarvan, maar uiteindelik .... tegen de wereld. Hierdie verset kan teruggevoer word tot 'n verset teen die omsetting van sielskrag in energie. „Het Leven - ik heb het natuurlijk over het leven in den mensch - blijft altijd, bewust of onbewust, open en onvoorwaardelijk beschikbaar voor dat wat de som van alle deelen te boven gaat, voor dat wat, menschelijk gesproken, de zielskracht is. In dat opzicht is het leven onveranderlijk. De wereld is dat niet. De wereld is dat, wat de mensche als eenig denkend wezen, geboren op de natuurlijke aarde, uit de natuur zich heeft gevormd en gebouwd, om zich binnen die natuur als denkend wezen te handhaven".(2) Na hierdie

1. J.A. Rispens : De Geest over de Wateren. p. 21, 22.
2. Proza II p. 240. Eigen Achtergronden. Dieselfde idee kom voor in „Sociale Idealisten".

proses, na die verloëning deur die mensdom van die Skoonheid (dws. sielskrag waarneembaar deur die sintuie) verwys verse soos die volgende.

„In hun gehuurde zaal,
hebben zij het uitgerekend,
tesamen enblij,
Wat de wind beteekent
vergaten zij "(1)

„heinde en ver
de hevigen ontzield, de zielsbewoognen ontmand,
en zijn arm volk, den geest verloochnend,
vallende uiteen in benden, her en der".(2)

In „Een Dichter van Thans" en „Uit de jaren van Een Winter aan Zee", noem die digter „gedrilde drommen", „horden", en „geboren knechten"met afkeer as diegene wat dreig om die lewe te beheers. In „Voor West-Europa" heet dit :

„Dan komt met onderwolksch gebral
dat volk van knechten onze wereld knechten,
en voor wij sterven gunt het ons tot taak
gehoorzaam nog een zegekrans te vlechten
voor een laag voorhoofd en een onderkaak".

Laasgenoemde verse is klaarblyklik geskrywe in verset teen die Derde Ryk „waar geen drie Burgers/meer vrij zijn" - of dan, teen dié aspekte van die Derde Ryk wat die digter met afkeer vervul. Dit blyk dan te wees: die verlies van die vryheid, die massas wat tot eenvormigheid gedwing is. Daar is egter niks in dié verse wat 'n mens belet om daaraan 'n breër betekenis te gee nie : die

---

1. „Optimistisch Kunstenaars" (1922) Tegen de Wereld.
2. „De Prins Weergekeerd" Tegen de Wereld.

posisie van "een dichter van thans" ên 'n totalitêre staat, en dié in 'n demokratiese staat, verskil wel van mekaar in soverre dat daar in die sg. demokratiese wêreld nie liggaamlike leed aan 'n kunstenaar berokken word as straf vir sy uitinge nie - en dus is dit maklik verstaanbaar dat die demokrasie tog ver bo die gehate totalitêre stelsel verkies sal word. Maar digters is vandag verdwaalde en geminagte wesens in 'n wêreld waar selfs die gedagte gemeganiseer word. Nog steeds beteken „Tegen de Wereld" dus : teen die omsetting van sielskrag en energie.

„Waar bleeft de Schoonheid ? - Zij die boeken halen,
naslaan en schrijven, en die voor hun tijd,
schraal zijn, kuchen kortademig van spijt,
dat zij een toestand was van mensch en staat,
en door een braaf plan wel valt te herhalen.
Maar ik ben verzot op oude verhalen
en weet wel beter waar zij staat en gaat." (1)

„.... een wereld, die zichzelf belijdt,
den geest onthemelde en geen slaap erkende
dan de zielloozen en die uit feit aan feit
de schakels klonk waar hoogmoed aan ellende
mee werd geketend" (2)

„Toen de eeuw begon met het afnemen van den geest..." (3)

„Het vergaan van de wereld ... niet meer als een oordeel uit den hooge, doch als de zelfmoord van de planeet. Dat de mensch zich welbewust het beschikbaar middel tot die mogelijkheid maakte, geeft aan het woord ‚schande' een betekenis die - in ons - het zonlicht verduistert. Want

---

1. „Drie Dichters en de Oorlog" II <u>Tegen de Wereld.</u>
2. „Helena's Inkeer" do.
3. „Overzicht" do.

het beteekent, dat de planeet, door het laatste wezen dat zij voortbracht - en dat, binnen het sonnestelsel tot haar verheerlijking had kunnen leiden - tot uitgeworpene werd geschandevlekt".(1) Daar was dus vir die mens die moontlikheid gewees - was hy getrou aan sy wese, en was sy strewe dié na geluk en nie na mag nie - om gees en bloed te versoen. Maar sedert die dagblad die mens se gedagtes begin vorm het, en die krities-wetenskaplike denke die denke - met - die - gehele - wese (met die bewussyn, die brein én die buitenbewuste gees, die siel en die liggaam) vervang het, het die Masjien, die tegniek, die oorhand oor die mens begin kry. Die volstrekte oorhand kan bewerkstellig word, nie deur diegene „waarin nog iets leeft van den vrijen geest, die de Machine uitvond, maar integendeel door een volk dat zich - van dien geest verstoken - zonder noemenswaard protest het meest radicaal tot machine zou laten maken".(2) Vgl. die poëtiese formulering van hierdie gedagte in die puntdig : „Die Machine Spreekt" (1941)(3)

Aanvanklik vra 'n mens jouself wel af : waarom het Roland Holst hoegenaamd hierdie aktualiteitsgedigte geskryf, waarin hy definitief en onomgewonde stelling inneem, nie slegs teen die wêreld en alles wat dié begrip vir hom simboliseer nie, maar ook bepaald teen die wêreld van tussen die twee wêreldoorloë en gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Hy het nog altyd - en juis in hierdie tyd - verklaar : „Den kunstenaar, die een eigen wereld moet vormen en niet de wereld van zijn tijd moet willen hervormen, is inkeer thans meer geraden dan protest, en inkeer zal hem weldra moeilijk genoeg vallen".(4)

---

1. Proza II. p. 262. Van Erts tot Arend.
2. do. p. 242. Eigen Achtergronden.
3. Tegen de Wereld : „En Marge".
(4) Proza. II p. 141. „De Nieuwe Weerstanden - Uit Zelfbehoud."

"Krijgt de wereld echter vat op de bewustwording van zijn wil en gaat zij de richting ervan bepalen - veelal hem ermee paaiend, dat hij haar bestrijdt .... - , dan vervreemdt hij van het eeuwige en het oogenblikkelijke en gaat .... karaktervormen en het karakter ... leeft binnen uur en feit en weet van geen heimwee meer en het is van de wereld, ook al is het er tegen." (1)

Ook in sy tydsverse het Roland Holst egter getrou aan homself en sy oortuigings gebly. Hy neem wel stelling in teen die wêreld, maar dit is baie belangrik om op te merk dat die wêreld waarteen hy hom keer, nie alleen dié van die aktualiteit is nie, maar in die breër simboliese betekenis elke eksponent van die omsetting van sielskrag in energie. Ons het bv. reeds gesien dat die versetspoësie nie teen die Derde Ryk alleen gerig is nie, maar teen 'n proses wat besig is om hom oor die hele aarde te voltrek. En aangesien dit die duidelikste in die Derde Ryk opgeval het, is die medium, waarin die gevoel van protes geuit is, dié van verset teen die "volk van knechten ... aangevoerd door een brallende onderkaak".

Verder, in hoeverre is hierdie gedigte nou eintlik verset ? Sekerlik in die hartstogtelike weersin teen die hele omsettingsproges van sielskrag in energie. Is daar eintlik êrens in die tydsgedigte iets aanwesig wat beskou kan word as ingryp in die "oorlog der verblinden ?".

Nêrens vind ons 'n oproep tot die stryd in die wêreld nie, hoogstens 'n mismoedige, of as skampere vraag geformuleerde sinspeling op die edele helm, kuras en swaard, wat vir Nederland en die Weste onvindbaar geword het. Steeds roep hy die ongelukkige situasie op, soms meer ver-

---

1. Proza II. p. 220. "De Dichter, de Persoonlijkheid en het Karakter" - Uit Zelfbehoud.

bitterd as anders („Drie Dichters en de Oorlog" II) van 'n wêreld wat die sielskrag, die skoonheid verloën het, en waarop hierdie verloënde skoonheid besig is om 'n verskriklike en onafwendbare wraak te neem. Hierdie wraak is egter 'n suiweringsproses, 'n noodweer van die siel en omdat die siel onsterflik is, sal dit 'n uiteindelike bevryding beteken. Daarom moet 'n mens liewers nie probeer om dit te keer nie, want dit sou slegs 'n vertraging teweegbring. In plaas van 'n oproep tot die aktuele stryd is daar 'n pleidooi vir die noodsaaklikheid van inkeer. Hy beskryf die ontwikkeling van 'n begeerte na heil tot een na mag in die sosialisme, noem dit 'n faset van die omsettingsproses van sielskrag in energie, en vervolg dan : „In Fascisme en Nationaal-Socialisme schijnt het Europeesche westen zich ... schrap te gaan zetten tegen dit proces, ook echter ... in naam der wereldlijke macht".(1) Die Skoonheid gebruik nou diegene wat haar verloën om haar wraakneming uit te voer en hulself, sowel as dié wat haar vergeet het, in die ellende te stort :

....„dat de Ontembre thans tegen de Stad
haar meest gehate horden op gaat jagen:
door wat haar loochent in een wild bloedbad
stortend wat haar vergàt"(2)

........„hem met zichzelf bestokend,
tot slechts puin, heet nog toont, doodstil natrekend,
het oord waar gij uw wraak naamt" (3)

Dieselfde gedagte word ook in sy prosa uitgespreek : „Laat men zich het echter niet uit het hoofd en het hart praten, dat het wezen van den mensch tenslotte zal over-

---

1. Proza II. p. 130. „Heil, Geluk en Macht". Uit Zelfbehoud. Ek onderstreep „schijnt" : die proses self is minder gevaarlik as die totalitêre magte se skynbare verset daarteen.

2. „In Memoriam" I. Tegen de Wereld.

3. „Helena's Inkeer."

leven, dan kan dit noodlottige proces als een donkere vervoering over ons komen met de uit wanhoop geboren hoop, dat het zich niet tot zulk een wereldbeeld zul concretiseeren, maar dat het den aard heeft van een noodweer, een catastrophe. Deze hoop bracht mij tot twee gedichten, waarin ik die catastrophe over de wereld van West-Europa zag komen als een vergelding voor de ontrouw van het wezen van den Mensch, een vergelding waarin de zielskracht, de Ontembare, tegen wie haar vergaten, zich verbindt met wie haar loochenen en zich tot machine lieten maken, om als laatste redmiddel, het wezen van den Mensch tot een uiterste te drijven, een opzettend noodweer, waarin de Schoonheid - de zintuiglijk waarneembare zielskracht - als een godin der wraak in aantocht is".(1) Hierdie twee verse is die tweede en die derde gedig van „Drie Dichters en de Oorlog". Ons het egter gesien dat die motief nie tot hierdie twee gedigte beperk gebly het nie, maar telkens in die aktualiteitsverse opduik. Trouens, die hele idee is nie nuut nie. In <u>Een Winter aan Zee</u> reeds, het hy die vermoede uitgespreek dat die onmiddellike en direkte gevolg van die sonde reeds die straf van die sondaar is. Hier is dit nie veel anders nie. Die sonde is die verloëning van sielskrag, die omsetting daarvan in energie; deur dié proses word die oorlogstuig geskep vir die vernietiging van die mens, en uiteindelik is dit die mens self wat gebruik word om die wraak van die gees te neem oor dié wat dit verloën of vergeet het.

Alhoewel die hordes van die wêreld skuldig is aan die verraad, is daar tog nog diegene wat „de voormalige

---

1. Proza II. p. 243. <u>Eigen Achtergronden</u>.

heerschers trouw blijvend, haveloos heengingen om in afgelegen streken, waken bij vuren, te overnachten, wellicht enkel nog in verheven wartaal elkander herinnerend aan koningen, die - roekeloos geworden door een droom, grooter dan hun rijk - hun kronen wegwierpen in den avondval".(1) Hierdie klein aantal getroues wat hul nie laat verlei het om van die wêreld te word nie, is uit die aard van die saak enkelinge, en nie 'n kleiner uitgawe van die massas "gedrilde drommen ..... - rauw koor van afgericht gejubel of gejammer"(2) - nie.

„Koud zweet, en dat alleen
verbond, en eerder niet, de ontbondenen
tot zaamgeschoolden".(3)

Die motief van die enkeling wat vreemd teenoor die massa staan, en, onder almal wat daarvan onbewus is, eensaam die gevaar sien nader, is ook nie nuut in Roland Holst se Poësie nie. In „De Nederlaag" uit De Wilde Kim gaan die uitverkorene „als een vrijgeleide door die verduisterden". „Het Lied Buiten de Wereld" uit Tusschen Vuur en Maan vertel van vreemdelinge op die wêreld : „Deze zeldzamen strijden niet, noch zwerven zij veel, maar zij blijven eenzelvig en afgewend",(4) en tog moet 'n mens glo „dat zij van overzee, gezonden zijn, om de wereld, die wij op dit eiland bouwden, door strijd te vereenvoudigen en de reddende wraak van hun liefde te nemen op onze wanhoop en onze onverschilligheid".(5)

---

1. Proza II. p. 116: „Zielskracht en Energie" Uit Zelfbehoud.
2. „Een Dichter van Thans" Tegen de Wereld.
3. „Helena's Inkeer" : Tegen de Wereld.
4. Proza I. p. 100. „Het Lied Buiten de Wereld" Tusschen Vuur en Maan.
5. Proza. I p. 99 do. do.

In sy poësie was Roland Holst altyd en bewus die enkeling, die aristokraat, en direkte uitsprake soos die volgende dien alleen om 'n voldonge feit te bevestig :
„De overtuiging, nu eenmaal geen collectivist te kunnen worden, had ik, weer in de straat gekomen, toen eveneens als thans".[1] „De ware kunstenaar, aristocraat zijnde"....[2]

Soos vroeër kry ons dus die teenstelling enkeling - massa, met alles wat dit aan betekenis inhou, in die aktualiteitsverse. Die enkeling is hy wat getrou bly aan die Skoonheid, sy eie wese, wat dink met huid en bloed, die persoonlikheid wat nie karakter vorm nie, en van die wêreld afsydig staan. Dit is die Prins, wat, as hy sou moes terugkeer, met misnoeë die omsetting van sielskrag in energie sou aanskou; dit is Verlaine wat, waar die „Sociale Idealisten" soos

„eieren in hun rek"

staan, mompelend by hulle verbygaan; dit is die digter wat onder die voete van die „gedrilde dromme" vertrap word, maar wie se woorde sal leef as wat nou is, vergete sal wees; dit is Ter Braak en Du Perron wat in die dood gevlug het eerder as om „verder te leven ook maar in den schijn van knechtskap".[3] "Wanneer hij (Roland Holst. - G.B.) West-Europa verdedigt in het mooiste verzetsgedicht dat deze oorlog reeds voor het uitbreken ervan had voortgebracht, dan zijn het niet de algemene tradities van "vrijheid en democratie, maar het sijn de genieën en heroën : Oranje, Rembrandt, Spinoza, Beethoven en Hölderlin die hij eert en aanroept ; het is de vertikale doorbraak van de scheppende geest, die hij aan de naam van West-Europa verbindt".[4]

---

1. Proza II. p. 128. „'Heil, Geluk en Macht" Uit Zelfbehoud
2. Proza II. p. 213. „Wegen en Karakter". "
3. In Memoriam I. Tegen de Wereld.
4. G. Stuiveling : Triptiek : „Balling en Boetgezant"p.40

Oranje, Rembrandt, Spinoza, Beethoven en Hölderlin word gestel teenoor „Cohorten derderangsch kordaten" wat „daaglijks hun toegesnauwde taak" verrig.

„Die hel se rauwe zege, die een wereldbouw beheerscht,
onzaalger dan den bouwval dien zij overwon:
een late mierenhoop van menschen, waar vooreerst,
het wezen van den mensch zichzelf een dreigend falen
om de planeet vervuld en halverweg de zon
van erts tot arend zegevierend te herhalen,

bewust mag maken in die enkelen, wier geest
hemel en hel bewaart omdat zij wieg en graf
trouw zijn en open staan voor heilige en beest". (1)

Interessant is die geval van Ter Braak en Du Perron : woordvoerders, karakters dus, en nie persoonlikhede in die sin waarin Holst die woorde gebruik nie.

„Hun zin was niet mijn zin, en tot de jaren
waarin wij vrienden werden, wist ik niet
dat ik eens woordvoerders zooals zij waren
met trots zou nooden binnen het gebied
dat mij de wereld liet –" (2)

Dit blyk egter dat ook diesulkes, in hul beperking, tot die uitverkorenes kan behoort. Hulle behoort inderdaad tot die getroues, omdat hulle ten slotte geweier het om gemene saak te maak met die wêreld.

Om terug te keer na die uitgangspunt : Roland Holst se „verset" teen die wêreld bepaal hom slegs daartoe - maar dan ook volkome en onverbiddelik -, dat hy hom sonder enige twyfel skaar by die enkeles wat strewe na 'n doel buite uur en feit, na die versoening van gees en

---

1. „Overzicht" - Tegen de Wereld.
2. „In Memoriam" I. Tegen de Wereld.

bloed. Hierdie enkeles stel hul reëlreg teenoor die strewe na mag i.p.v. geluk, wat van die wêreld is en tewens die wêreld verniel, die gees aan die bewussyn onderhorig wil maak en die verbinding van gees en bloed onmoontlik maak. Met gretige angs sien hul die ondergang, wat die wraak van 'n verraaide skoonheid is, aankom, en wag dit met spanning af totdat dit aanbreek. Sélf neem hul dan die stryd nie deel nie, want wie sien, kan nie meeveg nie.(1) Die vernietiging word teweeg gebring deur diegene wat die bestaan van sielskrag ontken, en verstrik geraak het in die materialisme. Aangesien die siel onsterflik is, sal hy die ramp oorleef, wat die wêreld vernietig, en dít is miskien die enigste hoop. 'n Mens moet onwillekeurig dink aan 'n vers uit Een Winter aan Zee :

„Eens zag schoonheid haar kans
schoon : jubel en verschrikking
ontvlammen trans na trans der stad. -
Dood niet, doch leven
doofde't, behoedzaam schikking
treffend met heil, - met haar
voortaan zich af te geven
beteekent doodsgevaar".(2)

3. Die Ondergansmotief :

Afgesien van enkele toevallige, terloopse verwysings, ontbreek die motief van die ondergange, wat só dikwels in Roland Host se werk aanwesig is dat dit feitlik 'n oorheersende gedagte is, geheel en al in sy eerste bundel

---

1. Proza II p. 133. „De Oorlog der Verblinden" Uit Zelfbehoud

2. Gedichten II. p. 49.

Verzen. Vir die eerste keer maak dit sy onmiskenbare verskyning in „Tusschenzang" uit De Belijdenis van de Stilte. Die eerste gedig met 'n ondergangsmotief is die verhaal van die vernietiging van 'n trotse geslag van krygsmanne ;

„zij kwamen en zij leefden en zij vielen".

Die ondergang gaan egter niks verder nie. As 'n mens die bundel 'De Belijdenis van de Stilte' alleen sou ken, sou jy daaruit seker nooit kon aflei dat hierdie motief later so 'n belangrike en breë betekenis in Roland Holst se werk sal kry nie. Inderdaad merk 'n mens hierdie vers wat sy motief betref, in die eerste plek op omdat Roland Holst hier vir die eerste keer in sy poësie van die Keltiese mitologie gebruik maak. Is dit toevallig dat hy juis 'n Keltiese verhaal van 'n ondergang oorvertel ? Later word die elemente van die Keltiese verhale deur hul gedurige gebruik simbole wat, veral in De Wilde Kim, dikwels in verband met die ondergangsgedagte voorkom. Hier is die elemente nog nie vertroude materiaal nie : Hierdie eerste voorbeeld is 'n blote oorvertelling van 'n Keltiese verhaal.

Die ondergangsmotief en die Keltiese motief doen dus tegelykertyd hul intrede in Holst se poësie : sy eerste vers met 'n Keltiese motief is terselfdertyd een wat die geskiedenis van 'n ondergang vertel. Ook handel die vroegste vertelling van 'n Keltiese verhaal in prosa, nl. 'Deirdre en de zonen van Usnach,' oor 'n ondergang. 'n Belangrike verskil is egter dat die ondergangsgedagte wat in die gedig "Tusschenzang" wel miskien toevallig is, in Deirdre en de zonen van Usnach" van oorheersende belang is, en doelbewus as sodanig beskou word. Reeds van die aanvang af is 'n mens van die idee en die belangrikheid daarvan in die vertelling bewus, as die stuk met die volgende sin aanvang : „Onvermoed door de talloozen komt

de storm van de groote ondergangen!"(1) Hier moet 'n mens dit natuurlik wel in gedagte hou dat De Beluidenis van de Stilte' (1913) voor, en Deirdre en de zonen van Usnacht' (1915), na die uitbreek van die eerste Wêreldoorlog geskryf is. As ons verder onthou dat die eerste Wêreldoorlog, soos eerder gesê, vir die meeste mense totaal onverwags, uitgebreek het, dan dink ek dat die verskil in die digter se kyk op dieselfde idee in die twee werke daardeur verklaarbaar is. Alhoewel hy 'n oud-Ierse verhaal tot stof kies, is die invloed van die aktuele gebeure tog merkbaar in die vroeë verhaal 'Deirdre en de zonen van Usnach - sy dit dan slegs op indirekte wyse, en nie só dat 'n mens enige verwysing na die aktualiteit in die verhaal self vind nie.

In Eigen Achtergronden' sê Holst van sy eerste kennismaking met die oud-Ierse verhale : „Het was in mijn jeugd, toen ik studeerde, of althans student was, in Engeland, dat ik op een verloren middag in de Bibliotheek van de studentenclub, een vertaling vond van een Keltische sage, „The voyage of Bran, son of Febal". Die bladzijden lezende werd het mij letterlijk of oude herinneringen in mij ontwaakten, en een mij toen verder verdiepen in de Keltische mythologie bevestigde dit tot een gevoel van eindelijk mijn thuisweg te hebben gevonden."(2) 'n Mens vra jou af waarom die Keltiese mitologie so 'n groot indruk op Holst gemaak het. Miskien het Holst as kind hierdie of soortgelyke verhale gehoor of gelees, en kan dit die rede wees waarom die verhale hom so bekend voorgekom het.

---

1. Proza I. p. 7. Deirdre en de Zonen van Usnach.
2. Proza II. p. 247. Eigen Achtergronden.

'n Waarskynliker rede vir die bekoring van die oud-Ierse verhale en die invloed daarvan op Holst is egter dié wat hy self noem, nl. dat daardie literatuur, sowel as die letterkunde van die sogenaamde Ierse Renaissance, „vibreerde en glansde van een leven, dat mythisch en elementair was, een leven dus, waarin het hart voordurend onderhevig blijft aan de voorpersoonlijke zielskracht".(1) 'n Verdere moontlikheid, wat 'n mens veral vermoed weens die gebruik van elemente uit die Keltiese mitologie in verse wat oor die wêreldondergange handel, is dat daar in sommige van die verhale uitdrukking aan die ondergangsgedagte gegee word, en op 'n wyse wat wel tot Holst se verbeelding moes gespreek het. 'n Voorbeeld is Deirdre en de zonen van Usnach, waarin die Roode Burg en Emain Mancha deur brand in puin gelê word. Dat die ondergangsgedagte eers in werke wat ongeveer tien tot vyftien jaar na sy eerste kennismaking met die Keltiese literatuur gepubliseer is, begin oorheers, kan waarskynlik verklaar word deur die feit dat die eerste Wêreldoorlog intussen uitgebreek het, of miskien ook deur 'n verdere verdieping in die ondergangsverhale. 'n Mens moet natuurlik nie uit die oog verloor nie, dat alhoewel die uitbreek van die oorlog dan wellig vir Holst onverwags gekom het, daar in die Nederlande bestendig 'n ander, en bekende gevaar gedreig het, nl. die water. In „Jeugd 1" (uit Verzen) is daar 'n verwysing na hierdie gevaar, hoewel die instroming van die water in dié geval by die van vreugde vergelyk word :

1. Proza II. p. 247. Eigen Achtergronden.

„Zooals het water door de dijken breekt,
en als een hooge witbruisende muur
de lage landen daav'rend binnengaat, ...."

Hoewel hul eers in 1920 en 1928 onderskeidelik gepubliseer is, is Deirdre en de zonen van Usnach in 1915 en, Het Elysisch Verlangen, gevolgd door een Iersche sage „De Zeettocht van Bran, Zoon van Febal" in 1918 geskryf, (1) albei dus in die tyd waarin die gedigte van Voorbij de Wegen (1920) ontstaan het. Daar is reeds hierbo gewys op die verskynsel dat die ondergangsgedagte eers in Deirdre en de zonen van Usnach 'n oorheersende gedagte word. In Voorbij de Wegen vind ons vir die eerste keer die vermoede dat die huidige wêreld waarin die digter lewe, 'n „late wêreld" is.

„Dit is het eind, het duisterend getij
van lage wolken en de storm der bladen.
Uit onze handen zijn de laatste daden
gevallen, en de regen waait voorij. (2)

Ik vraag maar een ding : kracht
te dulden dit besef, dat ik geboren ben
in't najaar van een wereld
en daarin sterven moet". (3)

Faktore wat daartoe kon bygedra het dat Holst tot hierdie besef gekom het, is dus die eerste Wêreldoorlog en die Keltiese ondergangsverhale, en dan veral ook die wete dat beskawings soos dié van die oud-Iere en van die Grieke verbygegaan het. „Sinds die ochtenden op de Acropolis toen het lente was in Athene een oude maar nooit vage herinnering werden, toonen in die nog altijd zoo heldere verte de tempels van Hellas mij klaar en duidelijk (klaarder naarmate hier de wereld onheilspellender verduidert) hoe, binnen dat klein en vereeuwigd perk, ~~die~~

(1) G. Sötemann: A. Roland Holst en de Mythe van Ierland, p.51
(2) Voorbij de Wegen: „Voorzang"
(3) " " " : „De Ploeger"

....die strijd toen een wijle gestaakt is kunnen worden: niet meer is het, inderdaad, geweest dan een wapenstilstand, maar die den geest zoowel als de aardsche natuur een zoo weldadige verlichting schonk en zoo diep op adem deed komen, dat de natuurlijke gestalte er kon ontbloeien in een gouden duur, waarbinnen zij voor het verwelken beveiligd bleef, terwijl de geest, zoolang dat duurde, het daglicht voor lief kon nemen alsof het niet meer dalen zou.

Toen ik voor kort een afbeeldsel van de Karyatiden van het Erechtheion bekeek en mij dien gezegenden wapenstilstand herinnerde, kwam mij een enkele regel van een bevriend dichter in de gedachten :

Voorbij, voorbij, en o, voorgoed voorbij, " (1)

Hoewel hierdie opstel baie jare ná Voorbij de Wegen geskryf is, kan 'n mens seker aanneem dat die heimwee na 'n verbygegane tyd, wat hieruit spreek, maar wat ook baie vroeër reeds sy verskyning in Holst se werk maak, steeds dieselfde oorsaak het.

Ondergang as suiwering is die motief van „Wedergeboorte", een van die min gedigte waarin die ondergang nie òf aan die motiewe uit die Keltiese of Griekse mitologie, òf aan die tydsgebeure gekoppel word nie. Dit bevat ongeveer dieselfde idee wat ons in „Het Elysisch Verlangen" kry:

„Zoo is dan de mensch, in dezen nimmer persoonlijken zin, de verbreking van de eenheid van ziel en bloed der natuur en het vrijkomen des levens daaruit naar een hereniging van ijler verhouding en duizelender spanning, de aanhoudende oorgang, jubelend of klagend, van Paradijs naar Elysium.

1 Voorbij de Wegen : De Ploeger.

1. Proza 2 p. 258 + 263 Van Erts tot Arend

Het eindelijk achterlaten van de uiterste grenzen dier kringloop van bloeien en welken, waarbinnen alle dingen der natuur verblijven is de dood, die in dezen waren zin geen einde, doch het onherroepelijk aanvaarden is van het afscheid der natuur en het aanvangen van dien overgang naar een tweede wereld." (1) Verder is dit natuurlik dieselfde idee wat op 'n enigsins verskillende wyse later in Een Winter aan Zee aangetref word.

'n Aantal verse in De Wilde Kim bevat die gedagte van dreigende en onvermydelike ondergang, en byna konsekwent word daarin van elemente uit die Keltiese en Griekse mitologie gebruik gemaak. Daar is 'n hele aantal verse met die ondergangsmotief -- veel meer as in Voorbij de Wegen. Die mees omvattende is die gedig „Einde". Dit is opmerklik hoe vertroud die digter -- en die leser -- nou al met sekere bestanddele van die Keltiese verhale is (hier bv. „het voorspel van de harpen van het einde"), en met sekere woorde wat só dikwels in verband met die Keltiese motiewe gebruik is, dat hul nou dadelik, selfs waar Holst hul nou afsonderlik en sonder verwysing na die oorspronklike verband aanwend, die assosiasies daarmee oproep: wind en licht, koud, wild, ens.

Die wêreldondergange word nou dikwels in die gedigte genoem en nie meer as vae beelde nie : die name van die betrokke of verteenwoordigende beskawings word genoem, Babylon en Londen in een asem. Vergelyk b.v. „Bij het Kristal": „Trojes torens, Deirdre, Concobar, en „deze late wereld".

(1) Proza 1 P 73.

Alhoewel Roland Holst in De Wilde Kim dus ook die huidige beskawing insluit by die wat reeds ondergegaan het, ("totdat Babijlon en Londen/vergeven en vergeten zijn")(1) en dus suggereer dat ook hierdie beskawing gedoem is, is dié gedagte waarskynlik die gevolg van die bekoring van die Keltiese en Griekse mitologie, van die gedagte aan verbygegane beskawings, en dus van die ondergangsgedagte, waarmee Roland Holst so vooringenome is, as sodanig, méér as van die eintlike wêreldgebeure. - Die hele wêreld was in hierdie jare vol hoop om deur samewerking 'n tweede ramp soos dié van 1914-1918 te vermy : in die jare 1925-1928 bereik die Volkebond die hoogste waartoe hy in staat is, en De Wilde Kim is in 1925 gepubliseer. Nietemin hoef 'n mens daarom nog nie aan te neem dat Roland Holst in die algemene optimisme gedeel het nie - volgens sy verse seker nie.

Sommige tydgedigte dateer uit die tydperk waarin die gedigte van Een Winter aan Zee ontstaan het.
Twee daarvan uit Tegen de Wereld dra juis die opskrif: "Uit de jaren van Een Winter aan Zee," en is selfs in die kenmerkende vorm van die gedigte van hierdie bundel geskryf. In Een Winter aan Zee is daar egter geen tydsgedigte opgeneem nie.

Die hele bundel Een Winter aan Zee staan in die teken van die (nie altyd uitdruklik genoemde) simbole : Troje, Helena, Deirdre, Wilde see, stede wat deur brande en puin gelê is, en ná die brande 'n verysende wêreld; en dus van die ondergangsgedagte met al sy implikasies : "sonde ", dws. materialisme, verraad van die skoonheid, ontrou aan die gees, oorwinning van die wêreld oor die lewe, van die stad oor natuur, van karakter oor wese, van masjien oor mens, oormag van die onderwolkse, oor die sonnestelsel van die gees, veral, wraak van die verraaide,

(1) De Wilde Kim : Van een Kind".

vernietiging, eindbrande, uitsterwende vuur en lig, verkilling van die aardse planeet. In elke kort kristalstrofe van agt verse tree daar gewoonlik 'n paar van daardie motiewe van die ondergangsidee op die voorgrond. Maar dikwels is die hele idee aanwesig omdat elke woord 'n teken van baie dinge geword het:

See en stad 1, [1] „Eens liep zij hoog te spreken". . . .

IX. 6. „En zij, steekt zij er pralend..." Verraad en haat:

I, 2 „Wierp zij de kroon": sielsverkragting, verval, winterlig, eensames, feitlik die hele kern van Uit Zelfbehoud.

II, 4 „Dof werd het vleesch ....." Onderwolkse stede, onheilstekens, noodlot :

iii, 6 „Ingekeerden voorzagen de onheilen". . . .

Metamorfose van Helena in 'n op wraak beluste wese:

II , 1. „Van welke brand doorrakelt peinzen de sintels?"

Ondergang, dood, terugkeer tot voortye:

I, 6 „Geen onderwolksche klokken." . . .

II, 9 „Onder ramen schijnopen hinderlaag." . . .

V, 2 „ Ontvreemdde aan oude tijden." . . .

VI, 1 „Leeuw van oud licht." . .

Vir die doel van hierdie studie is veral twee dinge verder van belang in Een Winter aan Zee. Ten eerste, dat 'n gedig, of selfs 'n hele reeks gedigte, 'n betekenis op meer as een plan kan hê. So kan, b.v. reekse V, VII en IX amper geheel as fragmentariese uitdrukking van 'n individuele liefdeservaring gelees word, maar tegelykertyd suggereer dit 'n ruimer sin, die Werklikheid. „Men bedenke, dat de inhoud van een gevoel zich steeds aan Roland Holst manifesteert als beeld, zoodat hij, in plaats van een sentimenteel, een visionair dichter moet worden genoemd" (1) Omgekeerd reflekteer die simbole-stelsel van daardie Werklikheid die individueel-

(1) Anton van Duinkerken: Ascese der Schoonheid p.54.

innerlike werklikheid van 'n mens wat genadeloos vors na die sin van sy eie bestaan ; de fragmenten gekristalliseerde poezie (...) in de dichtbundel <u>Een Winter aan Zee</u>, gaven de overtuiging, dat stad, Zee, Goden en Samelewing nog slechts de uitdrukkingsmiddelen en formules zijn waarmede een eenzelvige van zichzelf de laatste rekenschap aflegt en de stipste verantwoording eischt" (1)

Ten tweede bestaan daar nie slegs 'n deurlopende verband tussen die persoonlike lewe en die Werklikheid nie, maar ook tussen die skuld van die eenling (2) en die skuld van die volke:

> " .......Vond wie doorgrondde
> wat hart en volk te loor
> doet gaan, eenzelve zonde? ('III, 5)

So herken ons die elemente van sy aktualiteitspoësie, al sal hulle daar in ander verhoudinge aangetref word: die Werklikheid; die persoonlike werklikheid; die gemeenskap d.i. die aktualiteit en die Westerse geskiedenis.

> "De ontmenselijkte wereld van Roland Holst heeft in <u>Een Winter aan Zee</u> haar soberste en meesterlijkste , misschien ook haar laatste samenvatting gevonden. Want het valt moeilik in te zien, hoe de dichter nog verder zou willen doordringen in dit rijk, dat hij niet bereiken mag" (3)

In hierdie tyd van sy opperste "ontmenseliking" skryf Roland Holst sy eerste belangrike aktualiteitsverse, en geen polemiek nie, maar iets daaraan verwant, en soos sy "visionnaire polemiek", van visioenêre greep en insig.

---

(1) M. Nijhoff: "A. Roland Holst en Nederland", in <u>Over den Dichter</u> A. Roland Holst, p.28.

(2) Oor die skuldprobleem by Roland Holst sien J.A. Rispens <u>De Geest over de Wateren</u> p.15-16.

(3) Menno ter Braak: <u>Verzameld Werk</u> VI p 493

# HOOFSTUK III.

## Gestalte van aktualiteit en verset in die tydgedigte : Vóór die noodweer.

### 1. De Prins Weergekeerd.

Die motief van „De Prins Weergekeerd" kom ook in die derde gedig van „Drie Dichters en de Oorlog" voor. Daar word die gedagte kort, skerp en bitter uitgespreek:

„ Wereld, die Pharaoh verdorde
tot Rockefeller, bibberend van een macht
door Ramses, kon hy weerkeeren, veracht - "

Waar die later gedig direk 'n oordeel oor die hedendaagse wêreld uitspreek, blyk die oordeel in „De Prins Weergekeerd" uit die teenstelling van die hede met die vervloë periode wat opgeroep word, en uit wat vermoedelik die Prins se reaksie daarop sou wees. Die kontras, waarop die hele gedig gebou is, kan belig word deur twee verse naas mekaar te plaas, nl. die slotverse van die tweede en die vyfde strofes:

" ............... met beheerste daden
uit keur/bende een / volk oogst/te, schoof /
aan schoof, //"

" .......en zijn arm volk, den geest verloochnen
vallende / uiteen/ in ben/den, her / en der, //

Eertyds kon 'n groot staatsman „keurbenden" tot 'n volk versamel, nou val „zijn arm volk", ontrou geword aan die gees, uiteen in bendes,

„ en wat de toekomst bergt, blijft ondoorgrond".

In die eerste druk van Tegen de Wereld (1947) het 'n foto van die skildery waarna hierdie gedig verwys, daarby verskyn, sodat die verwysing onmiddellik duidelik was. In die gedig self word die mededeling nie uitdruklik gedoen nie, maar die getuienis is voldoende om die korrekte afleiding te maak. Ten eerste is daar die titel, en verder

die ...../

die verwysings na:

„ die helm? en dat kuras",

„ dit beeld van voor hy vocht, dat na vier eeuwen thans op wat inkeer zich afvroeg, antwoordt. "

en in die tweede strofe die prins wat

„ uit keurbende' een volk oogstte."

Hier kan terloops daarop gewys word dat Roland Holst wel die leier, die prins kies, as verteenwoordiger van 'n grootse tydperk, en sý oordeel oor die hede deel, nie die van 'n massa - b.v. die volk - nie. Die beeld van die armsvol are wat in gerwe gebind word, suggereer 'n versameling individue: „ontbondenen tot saamgeschoolden" („Helena's Inkeer"). By die uitmekaarval van die volk, word dié beeld, of iets dergeliks, nie herhaal nie; daar word bloot meegedeel dat hy uiteenval „in benden, her en der" - verstrooid op die wind !

Die helm en kuras, as wapenrusting van die held, getuig van sy „geest en ras": die teenswoordige geslag laat dit - indien dit nog bestaan - verroes. Hierdie één beeld druk al sowel die hele geestesinhoud van die gedig uit, as die houding wat die digter teenoor die „wêreld" en die tyd in hierdie en alle ander tydsgedigte aanneem. Ten eerste is daar die feit dat die destydse wapenrusting, weens die geweldige tegniese vordering - ook op die gebied van oorlogvoering - verouder en in onbruik geraak het. Maar daardie helm en kuras het gedien vir 'n prins, 'n held, 'n enkeling, terwyl in die moderne wyse van „massale" oorlogvoering ook die beginsels van die massaproduksie geld - „drukkatoentjes" i.p.v. tapytwewery. Die stryd van die prins was vir vryheid, die huidige stryd is om die massas diensbaar te maak aan die masjien. Die verouderde wapenrusting, wat van die draer se gees getuig, is óf verlore óf verroes. In die

huidige ...../

huidige kryg is dit nie nodig nie, want daar is geen gees of ras om van te getuig nie:

„ ......... Joelen, spot, weeklagen,
heesch natellen van goud, : onder de lage
wolken klinkt anders niet; "

„Onder de lage wolken" impliseer verskillende dinge - die lae wolke oor die Nederlande, die „reële" landskap dus, maar ook die onderwolkse gebied, die wêreld (in teenstelling met die „overwolksche maten (- Voor W.E. -) van Beethoven en Hölderlin"), dus die aktualiteit. Verder lê daarin die dreigement van die bepaling „lage": die gevaar is benouend naby. Tewens beperk dit die gebied „wêreld" verder, juis weens die aard van die dinge wat in dié gebied geskied: daar klink slegs „heesch natellen van goud". Dit is dié tipiese kenmerk van die teenwoordige tyd, die wêreld „die zichzelf belijdt en waarin geluk door macht, goud door getal bepaal wordt". (1) „De rest werd asch". Die res, dit is: die groot persoonlikheid wat uit keurbendes 'n volk versamel het; maar ook alle vermoëns van so 'n persoonlikheid, alle edele menslikheid: hande, hoof, hart, geloof, geesdrif, „beheerschte daden". Met „de rest werd asch" as aanloop, kry die hele tweede strofe, behalwe sy letterlike, boonop ook 'n simboliese betekenis, veel wyer as die historiese werklikheid waarop dit woord vir woord sinspeel.

In die derde strofe word die vraag gestel wat - met die antwoord daarop - die kern van die gedig vorm. As die groot figure van vroeër kon terugkeer, as die prins só, jonk, kon terugkeer met die mag om dade en gedagtes te deurgrond,

„ hoe zou hij ons dan aanzien, u en mij? "

Die digter verlang die terugkeer van die prins as 'n jong man:

„ Konden ...../

---

(1) Proza II p. 113 : Zielskracht en Energie", Uit Zelfbehoud.

" Konden de grooten, die - hun jeugd voorbij
bezield oorloogden, na een reeks geslachten
weer jong terugkomen, en stond ook hij
zoo en thans weergekeerd, en hier " ......

Hy soek nie die oordeel van die man wat reeds die stryd gestry het, oor die hedendaagse lewe nie, maar dié van die persoon wat nog besig is om te besluit, wat nog sy keuse moet doen - en dan die regte keuse moet doen. Vgl. ook in die vierde strofe waar

" dit beeld van voor hy vocht, dat
na vier eeuwen thans op wat inkeer zich afvroeg,
antwoordt. "

Hierdie vierde strofe vorm die skakel tussen die eerste drie strofes, wat die getuienis lewer en die oordeel vra, en die laaste twee strofes, waarin die antwoord gegee, die oordeel uitgespreek word.

Die antwoord word in die beeld gelees deur die toeskouer, wat diep onder die indruk is van die heersende wantoestande en die skreiende teenstelling daarvan met 'n tydperk waarvan die Prins die verteenwoordiger en grootse held is, 'n tydperk wat gekenmerk is deur die stryd vir vryheid, en die ontstaan van 'n volk, saamgebind uit "keurbenden". Merkwaardig fyn word die antwoord gesuggereer:

" Zwijgzaam en terughoudend, haast alweer afgewend,
is de blik; de zijdlingsche oogen dralen mismoedig,
ziende heinde en ver de bevigen ontzield .........
...............................................
Zooals den oogopslag houdt ook dien mond hoog
misprijzen teleurgesteld omwreveld " -

Wat die oë van die Prins sien, vorm die pynlike teenstelling met die volledige persoonlikheid, die volkseenheid, albei meer as die som van die dele:

" heinde en ver
de bevigen ontzield, de zielsbewoognen ontmand, en
zijn arm volk, den geest verloochnend, vallende
uiteen in benden, her en der. "

Die ...../

Die besonder suggestiewe slotreëls van die gedig word in 'n sekere mate al in die vierde strofe geantisipeer. Soos reeds gesien, gaan hierdie strofe vooraf aan die antwoord wat die beeld van die prins gee op die vraag aan die slot van die derde strofe. Dit begin met die sobere aanduiding van die oomblik, liggies gekleur deur 'n anekdotiese aksent, die tyd en die atmosfeer.

„De dag gaat uit; , niets wordt er meer gehoord
dan uit ver dorp kindren die spelend schreeuwen.
Maar hier staat in wak licht, dat, nog doorgloord
van eeuwen her, kwijnt door ophanden sneeuwen,
dit beeld ...."

Die gedig eindig met die volgende woorde:

„De korte winterdag heeft uit, , en rond
Dit huis, waar hoop aan wanhoop zich benevelt,
ligt het voormalige in stilte en ijs geknevelt. ,"

Die einde van die dag suggereer die nabyheid van die onheil, soos vroeër ook die sinsnede: „onder de lage wolken". Maar hier is dit die werklikheid wat belangrik is - die koue winterdag wat eers byna, en dan heeltemal om is. Die „aktualiteitsinhoud" word eintlik slegs in die gedagte gebring deur die volle betekenis van die „werklikheid", die uur en jaargety en die stemming waardeur by die leser allerhande assosiasies opgewek word, wat, gesien die orige van die gedig, in die sfeer van die aktualiteit sinvol word. Was daar reeds in die vierde strofe 'n verband tussen die werklikheid en die aktualiteit:

„hier staat in wak licht dat, nog doorgloord
van eeuwen her, kwijnt door ophanden sneeuwen,"

word die verband sonder twyfel bevestig in die voorlaaste vers, wat dus terselfdertyd ook aan die hele gedig 'n dieper kleur gee. Dat die winternag as simbool van die ondeurgrondelike 'n beeld is wat tot Holst se persoonlike simboliek geword het, is allesbehalwe vreemd. Dink aan sy

gebruik ...../

gebruik van „oud, wild, koud, licht" vroeër. Die slot van „De Prins Weergekeerd" herinner dan ook onmiddellik aan dié van die ander gedig waarin die verderflike hede ook deur 'n grootheid van vroeër verag sou word, maar waar die standpunt wat gestel word, in besonderhede eerder dié van die digter self is, en nie, soos hier, die van die betrokke teruggekeerde persoonlikheid nie. Die twee standpunte is natuurlik per slot van rekening tog dieselfde. „Drie Dichters en de Oorlog" III sluit af met dieselfde idee as „De Prins Weergekeerd"; alleen is dit dáár die aktuele wat oorweeg:

> „ Uw slecht verhaal loopt af, uw laatste kans
> verkeken. Peilloos straalt de winternacht. "

Daar is reeds gewys op die gebruik van woorde en uitdrukkings wat tot die byna spesifieke „aktualiteitsimbole" behoort - so b.v. „geest", „natellen van goud" in die eerste strofe. In hierdie twee uitdrukkings lê die teenstelling wat onmiddellik al in die eerste strofe gestel word, opgesluit, en dit is wel opmerklik dat „geest" en „goud" alliteereer. Alhoewel hul ver uit mekaar geplaas is, word die alliterasie as 't ware te hulp gekom deur die „g" van „getuigde ..... weeklagen," wat tussenin voorkom. Alliterasie en assonansie kom veel voor, maar aangesien elke woord (skynbaar) in die eerste plek weens sy betekenisinhoud gekies is, word dié stylmiddele nie opdringerig nie. 'n Mens ondergaan die invloed van die effek sonder om bewus te wees van enige alliterasie of assonansie. By die ontleding blyk dan dat feitlik elke strofe een of meer oorheersende klanke bevat wat aan hierdie gedig 'n statige, klankvolle gang verleen.

Die gedig is wel gebou op 'n metriese skema; nl. strofes van ses jambiese vyfvoeters, maar is gladnie aan die metriese fiksie gebonde nie. Juis in die variasie

van ...../

van die metrum word soms besonder mooi en treffende ritmiese effekte verkry. In die eerste vyf verse van die tweede strofe kry ons bv. vyf onderbetoonde heffings (20%!) en tweekeer trisillabiese substitusie. Dit veroorsaak dus dat die vers vinnig verloop, en aangesien die verse deurgaans enjambeer (soms swakker, soms sterker), en daar geen definitiewe cesuur tussen die einde van die eerste vers en die begin van die laaste is nie, word die normale steunpunte van die vers verswak. Die laaste vers, wat die kern van die strofe bevat, kom dan skielik met nie minder nie as ses duidelike aksente, vol klank, en 'n cesuur in die vierde voet, waardeur die slotfrase, bestaande uit twee heffinge en slegs een daling, geïsoleer word.

Uit keur/bende een/volk opgestte, 't schoof/aan schoof

Let op dat daar driekeer twee aksente òf naasmekaar val, òf saam gegroepeer is.(2) Sterker nadruk op die vers wat weens sy inhoud uiters belangrik is, is met ritmiese effek seker moeilik moontlik.

Keer op keer word die kern van die strofe vir die laaste vers gehou. Hierdeur word die spanning natuurlik gehandhaaf. Telkens word 'n mens getref deur die mooi ritmiese patroon van die slotverse: diè verse wat na hul inhoud van belang is trek o.a. ook deur hul ritme die aandag. In die slotvers van elke strofe word die woorde wat die laaste twee heffinge dra, (3) deur cesure afgesonder, en ...../

(2) Vgl. V.E. van Vriesland oor Roland Holst se „lange rhythme" in die aleksandryne van „De Nederlaag", wat „over schier alle verzen heen enjambeert, iets zeldzaams bij alexandrijnen, en hem bovendien de middencaesuur bijna overal ontneemt door ze met twee rusten en drieën te breken." <u>Over den dichter A. Roland</u> Holst, p.57.

(3) In strofe vier is daar slegs een heffing in die geïsoleerde „antwoord".

en elke keer is dit woorde van besondere belang: òf weens hul logiese betekenis, òf weens die suggestiewe waarde daarvan. Let veral op die vyfde strofe.

Die herhaling van woorde en die woordpare wat so kenmerkend van Roland Holst se poësie is,(4) word in „De Prins Weergekeerd" op besonder treffende wyse, en steeds funksioneel aangewend. Altyd is òf betekenis òf klanksuggestie, en dikwels albei, van belang : „schoof aan schoof," „de hevigen ontzield, de zielsbewoognen"....

Veral ryk aan betekenis, is die geval:

„ de rest werd asch."

„De rest : de handen van een prins",

Afgesien van alles anders, word deur die herhaling as 't ware in nadenke nadruk gelê op die res, wat dit presies is wat vergaan het : die geweldige verlies van alles wat van die „lewe" was.

Verder kan 'n mens hier net in die verbygaan die aandag vestig op 'n verskynsel wat sedert (en met) die tyd waarin die gedigte van Een Winter aan Zee ontstaan het, kenmerkend van Roland Holst se poësie geword het, nl. die gedronge en ingewikkelde sinsbou. Die laaste vier verse van die vierde strofe is wel die beste voorbeeld hiervan.

2. Voor West-Europa.

Van al die gedigte in „Tegen de Wereld" is „Voor West-Europa" seker die mees tipiese aktualiteitsgedig. Alhoewel dit sekerlik nie een van die beste gedigte in die bundel ...../

(4) „Ook werkte hij altijd bewust met woordverbindingen als „nacht en dag", „huid en haar", waarin de woorden, paarsgewijs optredend, een meerwaarde aan uitdrukking krijgen. Ontelbaar zijn in zijn poëzie woordontmoetingen als „wieg en graf," „vuur en maan", „erts en arend", „vorst en vagebond", „droom en dood", „uur en feit", „daad en wil." "
M. Nijhoff in : Over den dichter A. Roland Holst p. 29-30.

bundel is nie, verdien dit tog, en juis omrede van sy aktualiteitskarakter, afsonderlike bespreking. Dit is wel dié tydgedig wat ook die mees onomwonde strydgedig is, gerig teen die wêreld in die algemeen, maar teen „'t Vrij Derde Rijk" in die besonder. 'n Mens moet egter versigtig wees om nie te bly vassteek in die interpretasie van „Voor West-Europa" as 'n versetsgedig teen die Derde Ryk en niks meer nie. Dit is in net so 'n mate verset van „bezetenen" teen die wêreld: „Geuzen" (keurbendes !), Oranje, Spinoza, Rembrandt, maar ook Beethoven en Hölderlin teen die „cohorten derderangsch koräaten". Dit het op die oomblik (1939) wel op Duitsland betrekking gehad, maar alleen omdat die Duitse volk diensbaar geword het aan die masjien, en nou gedreig het om dié diensbaarheid verder oor Wes-Europa uit te brei - en die massas van die orige lande van Wes-Europa het niks nodig gehad om hierdie totale diensbaarheid te bereik nie.

Reeds in die eerste vers (5) sien ons dat dit in hierdie gedig weer gaan om die enkeling, die aristokraat, teen die massa, persoonlikheid teen karakter - dus sielskrag versus energie.

„ Trok adel zich in verre wolken
voor goed terug? en zijn er geen
manbare droomen te vertolken
meer over, dan die waan alleen
van overeind, maar zonder vechten
te sterven als een dorre staak? "

Ons merk weer die „wolk"-beeldspraak. Dit kom ook in die sesde strofe terug:

„ Dan komt met onderwolksch gebral
dat volk van knechten onze wereld knechten, "

Met die „onderwolksch gebral" wat van die wêreld is, kontrasteer die „overwolksche maten", wat dus van die „lewe" is:

„ Waar bleven de overwolksche maten
van Beethoven en Hölderlin? "

In ...../

(5) Sien Greshoff : Verzameld Werk, deel Legkaart : p.297-311 : „De dichter tegen de Wereld. "

In die „verre wolken" van die eerste strofe lê dus ook nog wel iets meer as alleenlik die aanskoulik verbeelde ver onbereikbaarheid waarin die adel homself teruggetrek het. „De priester en de kunstenaar, al gaan zij in het gedrang van thans niet meer samen, hebben elkander in het voorbijgaan herkend, want het Paradijs ging verloren en Hellas ten onder, maar beiden werden een droom, en slechts aan een droom herkennen de nog geladenen elkander. " („Een Herkenning" - Uit Zelfbehoud). Maar as die adel vir goed in verre wolke, weg dus van die wêreld, verwyderd is, dan skiet daar geen droom meer ook nie, slegs die waan „van overeind maar zonder vechten"/ te sterven".(6) Minagtend word die vergelyking hierby gevoeg: „als een dorre staak". Wie bly egter oor om te veg, en vir watter doel, as „adel zich in verre wolken" vir goed teruggetrek het? In die refrein word die rede aangegee waarom weerbaarheid juis noú so moeilik ontbeer kan word:

„ Een volk van knechten komt de wereld knechten,
Aangevoerd door een brallende onderkaak. "

Die gedagte-inhoud van „Voor West-Europa" word op 'n baie direkte wyse uitgedruk. Hier vind 'n mens feitlik nie beelde wat op 'n subtiele manier „hiërarchies geordende gedachten"(7) op één punt bymekaarbring nie. Wel kom personifikasie 'n enkele keer voor:

„ ... ontrechten door 't onrecht, dat van vreugde blaakt."

Die beeldspraak wat in „Voor West-Europa" voorkom, is alles behalwe „digterlik" in die gewone sin van die woord, maar pas wel deeglik in by die byna-skeltoon van die gedig:

„ 't Vrij Derde Rijk waar geen drie Burgers
meer vrij zijn, stelt de wet, en stelt
leugens, geharnast, aan tot wurgers
van den nabuur " ....

„ En waar die onderkaak orakelt
daar houdt de geest zich als een muis. "

Alhoewel ..../

---

(6) „Zonder vechten" : vergelyk „De Prins Weergekeerd".)
(7) S. Vestdijk : De Glanzende Kiemcel p.225.

Alhoewel daar dus nie te veel beelde gebruik word nie, word die maksimum-effek nogtans bereik deur die wel-berekende woordkeuse. Die allerbeste voorbeeld hiervan is m.i. „Cohorten derderangsch kordaten, /door wanhoop niet meer te overzien, /doen de aarde dreunen en verrichten / daaglijksch hun toegesnouwde taak."

Opmerklik is die teenstelling in die tweede tot vyfde strofes, waar teenoorgesteldes in alternatiewe strofes genoem word:

„Van hier, waar Geuzen, waar Oranje,
de Jood Spinoza, en Rembrandt,
en tachtig jaren tegen Spanje
geboekt staan ".....

Hierin word, as kenmerkend vir „dit oud land", drie groot figure genoem: „aristokrate," mense wat vry was van enige dwang, of daarteen opgestaan het (- let ook op „de Jood Spinoza"-), verder 'n „keurbende" en 'n tagtigjarige oorlog vir vryheid van staat en gees.

„'t Vrij Derde Rijk, waar geen drie Burgers
meer vrij zijn, stelt de wet "......

Weer word na die inwoners verwys om die land te tipeer : hier is geen drie Burgers meer vry nie, en hierdie land van slawe bedreig die „nabuur".

„ Waar bleven de overwolksche maten
van Beethoven en Hölderlin? "

„ En waar die onderkaak orakelt
daar houdt de geest zich als een muis. "

Teenoor die „overwolksche maten" van Beethoven en Hölderlin het die „orakeltaal" van die onderkaak gekom, wat aan die gees (die „overwolksche") geen plek toelaat nie.

Ironies hef die vyfde strofe aan:

„ En waar die onderkaak orakelt
daar houdt de geest zich als een muis. "

Die kruis, simbool van die westerse beskawing, word onder

die ..... /

die hakekruis „gelykgeskakel", en al wat daaraan nog eg gebly het, val nou die onegte ten prooi. Intussen bly die Weste „veilig verontwaardigd".(8) Die gevaar is dus, dat wanneer die bedreiging hom oorval, niemand meer sal weet „waar het scherp zwaard ligt" - geen verdediging is moontlik nie, niks bly oor nie, behalwe „sterven als een dorre staak." Die gedig sluit af met die refrein uitgebrei tot vyf verse:

„ Dan komt met onderwolksch gebral
dat volk van knechten onze wereld knechten,
en voor wij sterven gunt het ons tot taak
gehoorzaam nog een zegekrans te vlechten
voor een laag voorhoofd en een onderkaak. "

Opmerklik is dit dat in hierdie slotverse gepraat word van „onze wereld" - 'n wêreld waarin daar tog vir die gees plek was.

Ons moet hier nogmaals verwys na die opstel van Greshoff: „De Dichter tegen de wereld" uit Legkaart (9), en 'n oomblik ingaan op 'n wesenlike verskil tussen „Voor West-Europa" en „De Prins Weergekeerd". Daar lê ongeveer sewe jaar tussen die twee gedigte. Intussen het verse ontstaan soos: „Een Dichter van Thans", die tweetal „Uit de jaren van Een Winter aan Zee" en „Overzicht". Die „bevolen opmarcheeren" van die „gedrilde drommen / van links of rechts", van die „geboren knechten" het 'n aanvang geneem. Wat in 1932 by digter en prins nog 'n mismoedigheid kon wees oor die verloëning van die gees, het 'n paar jaar later

verskerp ...../

---

(8) Vgl. hier uit „Helena's Inkeer":
„'t oordeel, voorkondigd lang, maar averechts
begrepen steeds en op een leege baan
van ongevaarlijke eeuwigheid geschoven ..."

(9) Verzameld Werk.
Veral pp. 306, 307, en op 311: „Het was een tijdelijk en beperkt belang dat de wereldheerschappij niet op Duitsland overging, maar het is van oneindig wijder en duursamer belang dat de hemelse het wint van de aardse mens. "

verskerp tot bitterheid oor die onbewuste - deur die skielike stroomversnelling in die aktualiteit - vertrapping of bewuste versmading van die gees, om dwang en geweldpleging op die gees. So bevind die Nederlander, Roland Holst, wat nie 'n keuse tussen links of regs nie, maar slegs tussen siel en wêreld erken, hom nou teenoor 'n bedreiging wat buite Nederland, in Europa, agressief opsteek en teen 1939 al akuut geword het. „Voor West-Europa" is die reaksie op daardie agressie, vir die eerste keer by Roland Holst 'n verbete weerbaarheid ter beskerming van iets binne Nederland teen iets daarbuite. Hiermee is, ten tweede, die verskil in die behandeling van die teenstelling hede - verlede in „De Prins Weergekeerd" en „Voor West-Europa" verklaarbaar. In albei word die verskil skerp gestel, en dus val daar 'n sterk klemtoon op die geskiedenis. Die historiese elemente vertoon meer variasie en moet aan die „lokale toeval" van die aktualiteit toegeskryf word: die lokale toeval is 'n Duitsland wat binne anderhalwe eeu sowel Beethoven en Hölderlin - „overvolksch" - as 'n volk van knegte kon voortbring. Die ander geskiedenis is dieselfde as in „De Prins Weergekeerd": die Nederlandse sestiende en sewentiende eeue, maar uitdrukliker genoem en geroem in sy „vertikale" beskawingseksponente : Oranje, Spinoza, Rembrandt naas die tagtigjarige volksstryd, - dieselfde tot die wapenrusting toe waarvan gewag gemaak word : harnas en swaard. Tans egter is dit die leven wat die harnas aangetrek het : vir die Weste het die skerp swaard soek geraak.

Nie alleen die wapenrusting in „Voor West-Europa" dateer uit die tyd van die Geuse en Oranje nie : die poëtiese vorm sélf gaan terug tot daardie periode. Voor die eintlike Geuseliedere is die referein die belangrikste vorm vir strydgedigte, vir die opstandsliteratuur in die

sestiende ...../

sestiende en sewentiende eeue in die Nederlande. Omdat dié besondere periode alreeds deur die historiese name in die gedagte gebring is, en ook weens die erg strydbare karakter van die gedig wek die versvorm met die refrein (of „stoc") wat aan die einde van elke strofe (met variasies) herhaal word, die assosiasie op met die historiese strydreferein en met alles waarvoor dit in die Nederlandse vryheidstryd in die sestiende eeu as wapen gehanteer is. (10)

Die „stoc" bestaan uit twee reëls, waarvan die eerste vyfmaal ongewysig terugkeer en slegs in die laaste strofe effens verander, en die slotvers slegs in die tweede en vyfde strofes presies dieselfde is. Die eienaardige is dat die laaste vers tog die indruk laat van 'n reëlmatig-terugkerende slotvers. Die rede hiervoor is waarskynlik dat dieselfde minagting vir die onderkaak (wat 'n baie opvallende beeld is) elke keer uitgedruk word, en dat die vers verder ook elke keer op die sinekdogee „onderkaak" eindig. Juis die keuse van hierdie liggaamsdeel om die persoon te karakteriseer is 'n venynige skimp. Aan die einde van die eerste vers word aangekondig dat die onderkaak die volk van knegte aanvoer. Die tweede, derde en vyfde „stoc"-reëls bevat die spottende mededeling dat die wêreld nou onderwerp moet word ter ere van die „bluffende" onderkaak, en áán dieselfde onderkaak wat (strofe 4) vers en sang „overblaft". Tot dusver is dit darem nog altyd 'n bepaalde onderkaak: „de onderkaak," „een bluffende onderkaak", „een brallende onderkaak", maar in die sesde strofe word die toppunt (of laagtepunt!)

van ...../

(10) 'n Ander moderne versetsgedig in hierdie vorm in Nederland is bv. die „Ballade van die Waarheid" van J. Engelman. (Verzet en Poëzie versamel deur A.B.Lam, p.24).

van absolute veragtende geringskatting bereik, waar by „een onderkaak" - dus onbepaald : sommer '<u>n</u> onderkaak, - nog 'n ewe onbepaalde „laag voorhoofd" gevoeg word.

Wat die refrein verder van die res van die strofe onderskei en die element van herhaling beklemtoon, is die feit dat, waar die orige verse uit agt of nege sillabes elk bestaan (met vier metriese aksente), die refrein-reëls uit tien of elf lettergrepe bestaan (vyf metriese aksente). In die laaste strofe is die laaste vier verse almal langer, maar hier is die refrein eintlik uitgebrei oor die vier verse wat ingelui word deur die vers:

„ dat volk van knechten onze wereld knechten."

Roland Holst het meer gedigte met 'n refrein geskryf as „Voor West-Europa". So is daar bv. „Het Stille Huisje" uit <u>Verzen</u>, die liedagtige „In de Trein" en „Onverhoord" uit <u>Onderweg</u>. Daar is ook ander gevalle waar 'n slotvers wel terugkeer, maar nie dikwels genoeg om 'n refrein genoem te kan word nie (in „Het Leven" uit <u>Verzen</u>), of waar die slotreëls genoeg met mekaar gemeen het om die indruk van 'n refrein te wek terwyl dit eintlik tog geen refrein is nie. („Een Libertijn", „De Wereld en een Nomade" uit <u>Onderweg</u>.) Die funksie van die refreine in hierdie gedigte is hoofsaaklik musikaal, en help om die verlangde stemming te skep. In „Voor West-Europa" is die klank van die refrein allesbehalwe strelend vir die oor, maar juis dit verskerp die algemene strydbare toon van die gedig. Bowendien is die funksie van die refrein in hierdie geval om, soos gesê, die historiese assosiasies, opgeroep deur die noem van historiese figure uit die tagtigjarige oorlog (wat geskied voordat die refrein die eerste keer herhaal word, en voordat die leser dus weet dat die refrein gaan volg), te versterk en <u>tot die einde toe blywend te aktiveer.</u>

Terwyl ...../

Terwyl Roland Holst, in sy beste gedigte, stylmiddele so subtiel aanwend, dat die leser die suggestiewe werking daarvan ondergaan sonder om van die „uiterlikhede" bewus te wees, is dit in „Voor West-Europa" nie die geval nie. In hierdie versetsgedig wat bedoel is om in te slaan, is daar geen tyd vir subtiliteit nie, maar is daar kwistig gebruik gemaak van alle moontlike klanksuggestie, assonansie, alliterasie, herhaling van klanke en woorde, en selfs woordspelinge wat soms gekunsteld voorkom. Let op die konsonante en konsonantverbindinge wat alliEreer in die volgende voorbeelde. Hulle is gewoonlik skerp, en dra by tot die bitsige botoon van veragting en opstandigheid:

„ te sterven als een dorre staak"

„ 't Vrij Derde Rijk waar geen drie Burgers
meer vrij zijn stelt de wet, en stelt ".....

„ doet de aarde dreunen en verrichten
daaglijks hun toegesnauwde taak. "

Besonder effektief is die klank van die vierde strofe, waar die vloeiende klank van die eerste twee verse, waarin die musikaal-klinkende name „Beethoven en Hölderlin" genoem word, in die derde vers stuit op kort vokale en kadanserende okklusiewe:

„ Waar bleven de overwolksche maten
van Beethoven en Hölderlin?
Cohorten derderangsch kordaten "

Dit is opmerklik dat die opvallendste alliterasie (op k) en woordherhalings (ook woordspeling !) in die refrein voorkom, wat die steunpunt en Leitmotiv van elke strofe en van die hele gedig vorm.

" Een volk van knechten komt de wereld knechten."

Op al hierdie k's en o's volg nog gereeld die „onderkaak" van die laaste reël.

Baie geslaagd is ook die uitbreiding van die refrein in die laaste strofe. Nadat elke voorafgaande strofe deur

die ...../

LIBRARY UNIVERSITY

die kernagtige refrein afgesluit is, is dit asof die twee reëls nie aan die slot voldoende is om al die misnoeë en veragting te bevat wat die digter wil uitdruk nie, „voor wij sterven".

„Voor West-Europa" staan dus alleen, selfs tussen die aktualiteitsgedigte, omdat dit meer direk teen die oorheersing deur die Derde Ryk gerig is, en dus eintlik meer aktualiteitsgedig is as enige ander, maar ook veral weens die formele verskil. Geen ander gedig (uit hierdie jare) is vir sy effek so afhanklik, en doelbewus afhanklik, van die uiterlike elemente nie, en van geen ander gedig is die stylmiddele wat aangewend word, só in die oog lopend nie. Maar, soos reeds gesê, is „Voor West-Europa" op-en-top 'n versetsgedig wat tot opstand moet prikkel, hartstogtelik en kras.

3. Zwaar Weer op Til.

Die „ophanden sneeuwen" van „De Prins Weergekeerd" het sewe jaar later, 12 Augustus 1939, vlak vóór die noodweer plek gemaak vir 'n „ophanden storm". Die hele gedig „Zwaar Weer op Til" staan in die teken van dié beeld.

Meer as aanskoulik is die uitbeelding van die opkomende storm: ook die gevoel van afwagtende spanning word aan die leser oorgedra - bv. in die beskrywing van die stilte onmiddellik voor die uitbreek van die storm:

„ Bang eerst, dan doods, thans van angsthijgen
hoorbaar al viel de stilte na
rukwind op rukwind in. "

Die rukwindbeeld slaan duidelik op die gewelddadige gebeurtenisse wat een na die ander in Europa in die jare 1933-39 voorgekom het: Duitse militarisering van die Saar, die Oostenrykse Putsch en Anschluss, besetting van Tsjeggo-Slowakye; Italiaanse imperialisme in Afrika en

Albanië ...../

Albanië; die Spaanse Burgeroorlog. Omdat die storm so naby en die tekens so duidelik is, word niemand deur die bange stilte voor die storm mislei nie:

" Geen zwijgen
verzwijgt meer wat elk weet : weldra
gaat de storm van het lot opsteken. "

Byna ongelooflik mooi is die derde verwysing na die stilte, waarin ook blyk hoé naby die storm al is:

" Nog slaapt het uur, maar wild en ijl
weerlichtte boven de grensstreken
al het onheil. "

Uit die sinsnede "De vale ontelbren" spreek iets van die minagting waarmee Roland Holst altyd die massas moet bejeën, maar verder 'n sekere deernis wat by hom nie gewoon is nie: 'n kleurlose klomp, geen individue nie, die ontelbares

" die geen wereld
hadden dan deze late ".

Die kwalifikasie van die huidige as 'n "late" wêreld is nie nuut nie: dit het al in "De Ploeger" (11) sy verskyning gemaak. (12) Die vale massa het geen ander wêreld nie, en ken nie die "overwolksche" gebiede nie:

" afschuw
verdorde hen, en wanhoop dwerelt
van her en der de ellendigen nu
het oude westen langs. "

In hierdie verse is veral twee woorde uiters ekspressief, omdat albei meer as hul gangbare betekenis suggereer. Die hawelose menigte wat die "oude westen" langs gedrywe word op soek na 'n toevlugsoord, heet "de ellendigen", en hierdie woord hou opnuut die halfvergete oorspronklike betekenis in : bannelinge. Onweerstaanbaar rys die beeld hierby op van die vlugtelinge, veral Jode, wat destyds uit

Duitsland ...../

---

(11) <u>Voorbij de Wegen</u>.

(12) Vgl. "een late mierenhoop van menschen" "Overzicht", <u>Tegen de Wereld</u>.

Duitsland en sy satelliete die westerse demokrasieë binnegestroom het. Of beter: binnegedwarrel het - 'n beeld wat aansluit by die (sentraal-Europese) rukwinde van die eerste strofe. - Die volgende sinsnede hou weer 'n dubbele betekenis in: „ Vergeetnen / des levens reeds" verwys na die ongelukkige toestand waarin hierdie mense verkeer het. Hul moes hul land, huis en werk verlaat, en was op die genade van vreemdes - wie se taal hul dikwels nie eens gepraat het nie - aangewese. Die laaste hoofstuk, (13) „Die Agonie des Friedens", uit Stefan Zweig se outobiografie „Die Welt von gestern" vertel hoe mense onder dié omstandighede werklik lewend „vergeetnen des levens reeds" was. Andersyds slaan hierdie woorde natuurlik ook terug op „De vale ontelbren, die geen wereld / hadden dan deze late. "

> ..............„ en enkel nog
> rand en afgrond voor de bezeetnen
> in hun aantocht. "

Bybelse gegewens is nie juis tipies van Roland Holst se vers nie, maar hierdie woorde herinner aan die Evangeliese verhaal van die besetene van Gadara: „en die onreine geeste het uitgegaan en in die varke gevaar, en die trop ..... het van die krans af in die meer gestorm en in die meer verdrink. " (Markus 5 : 13). In hierdie geval storm die besetenes blindweg oor die „ellendigen" hul vernietiging in.

„En dezen, wanend zich verkoornen van dat wild lot". Duideliker verwysing na die aktualiteit is moeilik denkbaar: „the Germans as Nordics (which is true only of a small percentage) ... claiming it as their mission to govern other peoples of lesser racial value." (14)

„wat ...../

---

(13) Veral pp. 480 - 485.

(14) Walter Theimer : The Penguin Political Dictionary : „Nordic".

.............„ wat hen doorwoedt .
het is de roes des doods, het toornen
over de zwichtenden, de gloed
die roekeloozen tot ijlkoortsen
aanblaast. "

„De roes des doods" maak dood en laat doodmaak, en dit is waarmee hierdie mense, wat meen dat hulle die uitverkorenes is, besete is; dit is wat hul die onderworpenes toornig laat oorheers, en waarmee die kenmerkende massaemosie opgesweep word onder hierdie bepaalde „uitverkorenes". Maar dit is ook dieselfde gloed wat hul

„onder dof gezang
den roetwalm injaagt van de toortsen
van de ondergang. "

Dit is die aankondiging van „In Memoriam" I:

" ... dat de Ontembre thans tegen de Stad
haar meest gehate horden op gaat jagen:
door wat haar loochent in een wild bloedbad
stortend wat haar vergat, "

maar veral van „Helena's Inkeer" wat van hierdie motief die hoogtepunt sal wees.

Die vierde strofe keer terug na die beeld van die „ophanden storm", wat sal uitwoed eers wanneer die Kruis - die simbool van die Westerse beskawing - wat tans bedreig word, omver sak, maar „die andre kruisen" verniel is,

....... „ en het Huis
Europa puin is. "

Wat 'n vonds is hierdie beeld vir Europa: 'n huis waar verskillende mense in die afsonderlike kamers woon! In die laaste deel van die strofe wys die digter op die gevaar uit die Ooste : as Europa se grootheid in puin lê, is daar niks oor wat die Weste in staat sal stel om 'n heersende posisie in die wêreld in te neem nie.

..............„Heerscht, fanatisch
aanbeden, in een stalen kou
de <u>maansikkel</u> dan <u>aziatisch</u>
boven Moscou? - "

Op ...../

Op hierdie verse, belangrik nie slegs vir „Zwaar Weer op Til" nie, maar vir Roland Holst se hele aktualiteitspoësie, kom ons later weer terug.

Daar moet spesiaal gewys word op die hoë suiwerheid van die storm-beeld. Ons het gesien hoe in die eerste strofe die simbool tot in die klein besonderhede gelyk is aan die begrip. Aan die einde, waar die vermoede uitgespreek word oor die verwagte afloop van die storm, en die koue maanlig daarna, is die vergelyking nog net so suiwer.

Een van die mooiste kenmerke van hierdie gedig is sy sterk en beeldende ritme. Daar is hoegenaamd geen sprake van enige gebondenheid aan 'n metriese skema nie. Die verse bestaan uit nege of agt (soms tien) lettergrepe, maar daar is geen reëlmatige wisseling nie. Die slotvers van elke strofe bestaan uit vier lettergrepe. Die rym is reëlmatig afwisselend staande en slepend.

Spanning word gesuggereer o.m. deur die groot aantal kort sinsnedes tussen die ruspouses en die sterk aksente. Dit is opvallend dat daar in „Zwaar Weer op Til" niks van Roland Holst se tipiese ingewikkelde sinsbou te vinde is nie: elke sinsnede volg eenvoudig die voorafgaande op, asof daar in die oomblik van intense afwagting geen tyd is vir die moeilike, gedronge samevoeging van woorde nie. Die gedig maak die indruk asof dit geheel in spanning uitgespreek word, met ingehoue asem; af en toe (aan die einde van elke strofe) laat die digter hom effens gaan, maar hou hom tog gou weer in, asof hy luister, in afwagting verkeer van iets wat enige oomblik mag gebeur. Dit is asof die digter se aandag verdeeld is tussen wat hy afwag, en die uitbeelding daarvan, asof afwagting en uitbeelding dus tegelykertyd plaasvind. Die gestalte is hier wel heel skerp op die inhoud afgestem : die swaar

weer ...../

weer is op til.

Waar die primêre ritme deur die sterk en onreëlmatige aksentuering opvallend is, is die teenoorgestelde die geval met die sekondêre ritme. Die verse enjambeer byna deurgaans. Afgesien van die punt aan die einde van elke strofe (wat terloops, ook weens die groot getal enjambemente, die tersiêre ritme baie sterk beklemtoon) is daar ook 'n punt na die vyfde vers van die eerste strofe, en verder glad geen leestekens aan die verseindes nie. Maar verder: daar volg feitlik konsekwent ware enjambemente. 'n Enkele keer volg die ritmiese pouse wel, bv. na die eerste en weer na die sesde vers van die vierde strofe.

Aangesien die verse rym, sou 'n mens verwag dat die rymwoorde wel die nodige steunpunte bied, maar dit is nie die geval nie, waarskynlik omdat elke strofe feitlik assonerend opgebou is. Die rymklanke kom dus ook in die middel van die verse voor, en verder word ander nierymklanke telkens herhaal, sodat die rymwoorde per slot van rekening nie beslis die verseindes markeer nie. Die rymwoorde van die tweede strofe is bv. wereld - dwerelt, afschuw - nu, vergeetnen - bezeetnen, nog - aantocht. Op die wereld - dwerelt- en vergeetnen - bezeetnen-komplekse assoneer ook die woorde geen, deze, levens, reeds en op die nog - aantocht- geval ook ontelbren, verdorde, afgrond. Maar ook die kort e-klank speel 'n belangrike rol in hierdie strofe. Dit word telkens herhaal, maar kom nie in die rymwoorde voor nie: ontëlbrën, hër en dër, ellëndige, wësten, ënkël. In iedere geval word daar ook 'n heffing op die betrokke lettergreep geplaas, sodat die klank sterk uitstaan. Saam met die swak of ontbrekende ritmiese eindpouses, help dit alles mee om die rymwoorde te verdoesel.

Hierbo ...../

Hierbo is in die verbygaan daarop gewys dat die tersière ritme duidelik uitstaan, ook juis weens die verswakking van die sekondêre ritme. Elke strofe bestaan uit 'n aantal voltooide sinne (die getal wissel van een tot drie). Wat die inhoud betref, word in elke strofe 'n afsonderlike aspek van die geheel behandel. Die eerste strofe kondig die opkoms van die storm aan, en hoe naby alreeds; die tweede gaan oor die „ellendigen", die derde oor die „bezeetnen" en die sin van hulle handelinge, en die vierde strofe oor die vermoedelike afloop van alles. Verder word elke strofe afgesluit deur 'n taamlike lang sin of sinsnede, wat feitlik ononderbroke deurloop sonder enige pouse, iets wat des te meer opvallend is omdat die strofe verder uit betreklik kort sinsnedes, afgesonderd deur ruspouses, opgebou is.

Hierdie verskynsel bring 'n mens dan weer terug by die parallelle konstruksies waarvan daar soveel voorbeelde in hierdie gedigte gevind word. Die soortgelyke bou van die slotsinne van elke strofe bewys dat die verse, ten spyte van die gebrek aan steunpunte, volkome sinvol is soos Roland Holst hul geskryf het. Elke keer begin dit met 'n bepaling: „maar wild en ijl," „en enkel nog", „en onder dof gezang", „in een stalen kou". Daarby sluit aan, in die voorlaaste vers van elke strofe, die woorde wat die bepaalde begrip uitdruk: „weerlichtte boven de grensstreken", „rand en afgrond voor de bezeetnen",.. „den roetwalm injaagt van de toortsen " ..

„de maansikkel dan aziatisch" ..

Hierop volg dan, in die eerste drie strofes, die „onheil"-frases wat eintlik aan die voorgaande sin gee, nl. „al het onheil", „in hun aantocht" (wat die aantog na die ondergang blyk te wees), „van de ondergang". In die laaste

strofe ..... /

strofe is „Moscou" uiters belangrik: as dié vesting van die Weste wat die verste Oos geleë is, waar die oorheersing van die Ooste oor die Weste 'n aanvang neem, en vanwaar dit verder weswaarts sal uitbrei.

Die tweede en derde strofes vertoon 'n verdere onderlinge eweredigheid van bou. Hul begin deur die betrokke groep waaroor gehandel word, te noem: „De vale ontelbren", „En dezen" - die besetenes van die vorige strofe. Daarop volg 'n voorlopige beskrywing: „die geen wereld / hadden dan deze late", en „wanend zich verkozen / van dat wild lot". Die middelste deel van albei strofes behels 'n verdere drieledige bepaling van wat presies met albei onderskeie groepe aangaan. Ten slotte volg die rol van elke groep in die uiteindelike ondergang.

Wat die woordgebruik betref, sou 'n mens die hele gedig, soos hy staan, moes aanhaal as jy voorbeelde van treffende of besondere aanwending van gepaste woorde wou gee. Daar is hoegenaamd niks oorbodigs nie, en met die minimum woorde op soms verrassende en altyd sinvolle wyse te gebruik, word nie alleen merkwaardig veel binne so 'n kort bestek gesê nie, maar ook só dat dit deurgaans boei.

Woordherhalings en woordpare het ook hier weer hul wel-bepaalde funksie:

„ viel de stilte na
rukwind op rukwind in. Geen zwijgen
verzwijgt meer wat elk weet "

„ en wanhoop dwerelt
van her en der de ellendigen " ...

„ als straks het ondergraven Kruis
omver zakt, en die andre kruisen
zijn stukgerateld ..."

Die laaste aanhaling gaan vooraf aan die verse wat ons reeds genoem het as 'n sleutel vir sowel „Zwaar Weer op Til" as al Roland Holst se ander aktualiteits-

poësie ...../

poësie vóór die noodweer, en is hier die aanleiding tot 'n kort slotbeskouing by hierdie gedig en die hele hoofstuk.

In „De Prins Weergekeerd" het die toekoms „ondoorgrond" gebly. Die sarkastiese strydhouding van „Voor West-Europa" het in dié gedig, wat geheel en al berus op die spanning tussen geskiedenis en aktualiteit, geen ruimte gelaat om die vraag, wát sal gebeur na die gelykskakeling van die kruis deur die hakekruis, selfs maar aan te raak nie. In „Zwaar Weer op Til" beskou die digter 'n verdere, nog toekomstige stadium van die tydsgebeure : die ánder kruise sal eendag „stukgerateld" wees:

„ Heerscht fanatisch
aanbeden, in een stalen kou
de maansikkel dan aziatisch
boven Moscou?-"

Dit is onmiddellik duidelik dat hierdie asemberowende slotverse 'n onomwonde verwysing na die aktualiteit, die Russiese kommunisme is, maar ook veel meer. Die sikkel roep ongetwyfeld die kommunisme op, maar dié sikkel is tog: „de maansikkel", vanouds af die simbool van die nie-Christelike, nie-Europese, Islamitiese Ooste. Dit spreek vanself dat Roland Holst nie Islam en die Christendom met mekaar wil konfronteer nie, al is dit hul simbole wat hier verskyn: die maansikkel en die kruis. Wat hy teenoor mekaar bring is „Europa" en „Aziatisch", die Weste en die Ooste, twee lewenshoudings wat die mens in sy wese raak: die geestelike vryheid, en die „fanatisch aanbeden" heerskappy. Ons kry hier 'n treffende voorbeeld van 'n aktualiteitsmotief wat die skeppende digter as 't ware inspireer tot groter visie : die gedagte aan die aktuele kommunisme open hierdie wyer wereld. In die eerste plek, wyer historiese assosiasies, en hierdie keer assosiasies van vyftien eeue Europese geskiedenis: die sedert die sesde eeu steeds aanwesige bedreiging uit die slaap-

fanatieke ...../

fanatieke Ooste, wat Europa periodiek in die hart kom aantas het. Slegs drie eeue gelede, in die sewentiende eeu, het die Turke voor Weenen verskyn. Tans gaan die maansikkel heers oor Moskou - in Europa (16) - en weldra verder wes.

Hierdie visie op die eeuelange (dus historiese) spanning tussen twee beskawingsvorme, word aldus miskien 'n (uiteraard nie-historiese) profetiese visie. In die één sin, in die één beeld van die maansikkel selfs, lê verlede, hede en toekoms opgesluit, en terselfdertyd die met 'n byna fatalistiese, aanvaarde sekerheid dat oor ons beskawing in doodsgevaar die oordeel eindelik voltrek gaan word. Die vraag, wat skynbaar twyfel toelaat, swig voor die sekerheid van die visioen. In 'n bespreking van Onderweg en met spesiale vermelding van „Zwaar Weer op Til" het Rispens iets dergeliks opgemerk: „nergens heeft de profetische intuïtie van de dichter zich zo van het toevallige der tijdelijkheid weten los te maken, om met helderziende zekerheid het essentiële te grijpen waarin de toekomst besloten ligt." (17)

---

(16) Dat Moskou sonder twyfel deur Roland Holst tot Europa en die Weste gereken word blyk o.a. uit die bekende passasie : „Wie, zich aldus toe verhoudt, zal de waarden die hem boven alles gaan, in Moscou in doodsgevaar gebracht thans in Berlijn in een bescherming zien genomen, gevaarlijker dan de dood ....."
Proza II p. 133 „De Oorlog der Verblinden" Uit Zelfbehoed.

(17) J.A. Rispens : De Geest overal Wateren, p.21.

-----oOo-----

# H O O F S T U K IV.

## Gestalte van aktualiteit en verset en die tydgedigte: Tydens die noodweer.

### 1. Drie Dichters en de Oorlog.

Terwyl die oorlog reeds woed in die „Huis Europa" maar aan die mense in Nederland voorlopig nog respyt toestaan, skryf Holst sy „Drie Dichters en de Oorlog"

Die eerste van hierdie drie gedigte kon byna die vierde gedig gewees het van die groep „Nachten" (1) wat in dieselfde tyd (voorjaar 1940) ontstaan het. 'n Ander gedig uit Onderweg waaraan dit tematies verwant is, is „De Wêreld en een Nomade." Wat hierdie gedigte met mekaar gemeen het, is die uitdrukking van die begeerte - sterker as ooit „ sinds dit brein zich afgeeft met de wêreld" (2) - om tydelik die wêreld en die aktualiteit te ontvlug en te vergeet by die geliefde.

> „Mijn heele nasleep tot de deur toe meegebracht,
> wordt op haar drempel door de zeewind weggedwereld,
> omdat zij mij en alleen mij daarbinnen wacht.
>
> „Eén oord, waar schoonheid en gevaar nog samen woner
> één kamer laat mij (3).
>
> „Waar al wat ik verafschuw zegepraalt,
> wat kan ik doen dan hunkeren naar mijn nomade" (4)
>
> „Als de oorlog ons niet net nog voor is
> komt zij hier morgen in mijn armen slapen,
> De wereld leerde ons wel't geluk te kapen..... (5)

Terloops kan hier net daarop gewys word dat, waar in die twee gedigte uit Onderweg" na 'n plek verlang word waar die wêreld nie kan bykom nie, dit in „Drie Dichters en de Oorlog" 'n kwessie van tyd is:

> „O, Noodlot, reken ons tot uw vermisten
> nog één nacht lang"......

(1) Onderweg.
(2) " „Nachten III
(3) " "
(4) " „De Wereld en een Nomade."
(5) „Drie Dichters en de Oorlog I."

In Nachten" geskied die ontvlugting soos die digter dit verlang; in „De Wereld en een Nomade" nie:

„Maar zij komt nu niet meer".

„Drie Dichters en de Oorlog I " is bloot die verlange: die vervulling of nie, bly in die weegskaal. Slegs één nag word van die Noodlot afgesmeek. Daarna bly daar niks meer oor as om op die vuilgoedhoop van die „late wereld" gegooi te word nie.

„Nachten" verskil verder van „Drie Dichters en de Oorlog", omdat dit behoort tot die sfeer van die daaglikse werklikheid. Na die aktualiteit word slegs verwys as gebeure wat wel plaasvind:

„Lachende zag ik onheils ver wild weerlicht" (6)

maar „daarbuiten" (7), en wat op die oomblik uitgesluit en ver is, en nie van dringende belang nie.

„De Wereld en een Nomade" is 'n persoonlike bekentenis, veral van die digter se houding teenoor die wêreld en die „nomade", dus sy persoonlike werklikheid, maar ook van die invloed wat albei op hom het.

„Drie Dichters en de Oorlog" I is egter sonder twyfel 'n aktualiteitsgedig, weliswaar met die daaglikse werklikheid as 'n sterk bytoon. Ander tydsgedigte handel oor die kenmerke van die teenwoordige tydperk, oor die oorsake wat die besondere karakter van die tyd gevorm het, oor die vermoedelike afloop van die gebeure. Hierdie gedig gaan oor die invloed wat die wêreldgebeure uitoefen op die persoonlike lewe van diegene wat met die wêreld nie wil saamgaan nie: „ons", Deirdre, en Helena van Troje. Dus bepaal die vers hom nie by 'n alleenstaande geval nie, maar toon dit aan hoe die „wêreld" van die vroegste tyd af aan vir dié wat „de verliefden waren van het leven", geen ander plek gee as „de aschbelt" nie. Die huidige gebeurtenis (soos dit vermoedelik sal geskied), is slegs die herhaling van 'n ou patroon (8).

(6) Onderweg „Nachten I ".
(7) Sien die derde strofe.
(8) Sien verder: „Helenas Inkeer".

Reeds in die eerste twee reëls gee die digter feitlik uiteensetting van die hele situasie:

„Als de oorlog ons niet net nog voor is
komt zij hier morgen in mijn armen slapen".

Dus, die vooruitsig, die onsekerheid daarvan, sowel as die rede vir die onsekerheid plus nog die aanduiding van 'n persoonlike verhouding, word alles in hierdie twee reëls bevat, en ook nie in 'n beeldkompleks nie, maar wel deur middel van fyn oordeelkundige direkte mededeling. Hierop volg - as verdere uitbreiding van wat reeds gesê is - die mooi en besonder rake beeld van die seerower. „De Wereld" met alles wat dit insluit, noop die mense om hul geluk te kaap en, soos die avonturiers, nie te aarsel wanneer die kans hom voordoen nie, maar onmiddellik toe te slaan en

„lachende hun buit saam(te)rapen".

Die roekelose uitbundigheid word uitstekend weergegee deur die invoeging van die beskrywende „lachend".

„en in het diepe roofhol binnensleepen
wat deugd hen, heesch van ergernis, betwiste":

Die eerste vers voer die seerower-beeld verder. Hulle - die rowers - sleep die buit waarop hul reg deur deug betwis word, die diepe roofhol binne. Hierdie buit is die geluk wat, indien dit hoegenaamd besit word, deur roof toegeëin moet word. Die rol van die deug word hier diè wat Roland Holst aan die „karakter" toeskryf (Vgl. die openingsparagraaf van „Wezen en Karakter" - Uit Zelfbehoud), en kenmerkend is die bystelling „heesch van ergernis". Die digter verlang ook grasie van die Noodlot:

„nog één nacht lang om elk uur te verdwepen
aan alles waar de kwezels nooit van wisten,"

waar die „kwezels" terugverwys na „deugd". Die beeldspraak is hier direk ontleen aan die tydsomstandighede

„O, Noodlot, reken ons tot uw vermisten"......

„En daarna moogt ge ons, prooien, warm nog samen
op de aschbelt dezer late wereld gooien".

Ons merk weer die bepaling „late" by wêreld, waardeur - en nou in die simboliese betekenis - „ons" die prooi van die Noodlot moet word. Dié „hoop vuil" sal dan opgetooi word,

„met haar lichaam, als eens met de lichamen
van Deirdre en van Helena van Troje".

Teen hierdie tyd, ná De Wilde Kim en Een Winter aan Zee, is 'n mens al vertroud met Deirdre en Helena as die verteenwoordigers van die Skoonheid in twee beskawings wat eeue gelede hul hoogtepunt bereik en daarna verval het. Wat die lot destyds vir Deirdre en Helena bestem het, gebeur ook nou met hierdie hedendaagse vrou: haar liggaam moet die ashoop van die wêreld versier . Hierin lê die gedagte opgesluit wat in al die tydverse en baie ander gedigte voorkom: (9) dat ons laat wêreld op die punt staan om katastrofaal ten onder te gaan, soos ook dié vroeë beskawings gewelddadig verdelg is.

II.

In die opstel Eigen Achtergronden beskryf Roland Holst hoe die Masjien die oorhand oor die menslike wese gekry het - dit het in die lewe van die mens, die volstrekte oorwinning van die Wêreld oor die lewe beteken.

"......Laat men het zich echter niet uit het hoofd en het hart praten, dat het wezen van den mensch ten-slotte zal overleven, dan kan dit noodlottige proces als een donkere vervoering over ons komen met de uit wanhoop geboren hoop, dat het zich niet tot zulk een wereldbeeld zal concretiseren, maar dat het den aard heeft van een noodweer, een catastrophe. Deze hoop bracht mij tot twee gedichten, waarin ik die catastrophe over de wereld van West Europa zag komen als een vergelding voor de ontrouw aan het wezen van den Mensch, een vergelding waarin de zielskracht, de Ontembare, tegen wie haar vergaten, zich verbindt met wie haar loochenen en zich tot machine lieten maken, om, als laatste redmiddel, het wezen van den mensch tot een uiterste te drijven, een opzettend noodweer, waarin de Schoonheid - de zintuiglijk waarneembare zielskracht - als een godin der wraak in aantocht is" (10)

Hierdie twee gedigte is die tweede en derde van die groep „Drie Dichters en de Oorlog". Die tweede gedig gaan meer bepaald oor die katastrofe en die aard daarvan, terwyl die slotgedig, afgesien hiervan, ook die wêreldtoestand, en die gevolge wat die katastrofe daarvoor sal hê, behandel. Vgl. die aanhef van die respektiewe gedigte:-

(9) Vgl. J.A. Rispens : De Geest over die Wateren p.19.
(10) Proza II p.243 Eigen Achtergronden.

„Waar bleef de Schoonheid?"

( d.i. dus diegene wat wraak neem).

„Wereld, die Pharaoh verdorde"..........

In die eerste strofe kry ons die teenstelling tussen die krities-wetenskaplike denke en die denke met huid, bloed en gees. Dit blyk uit die verskil in persoon en opvatting. Die een slaan boeke na, en kondig aan dat die skoonheid (L.W. „Zintuiglijk waarneembare zielskracht")

> „een toestand was van mensch en staat,
> en door een braaf plan wel valt te herhalen".

Die digter self, versot op „oude verhalen", weet egter dat sy in die baaierd van vergelding wat in aantog is, aanwesig is om wraak te neem juis op diegene wat vergeet het wat sy werklik is.

Soos altyd word die beeld van 'n vrou vir die Skoonheid gebruik:

> en daarin.......
> "............... gaat zijzelf, ontembaar,
> niet te weerstaan als in haar wildst verleden,
> en tilt en drukt, voor ons ophanden heden,
> den helm van onheil over't welig haar.

Onmiddellik word hierdie beeld met Helena geassosieer, omdat Helena so dikwels die Skoonheid versinnebeeld. Ook die wapenrusting, die helm, is dié wat altyd in hierdie verband voorkom: nie die krygstuig van die hede, van die gemeganiseerde oorlog nie, maar wel dié van die individuele stryd.

Terwyl die krities-wetenskaplike denkers reken dat die Skoonheid „door een braaf plan wel valt te herhalen", en dus totaal onbewus is van die dreigende vergelding, hoor die „eensame" wat haar nie vergeet het nie, dat haar geroep reeds die „alarmen van tronen en van steaten" oorstem, dat die onderlinge onenigheid tussen volke en groepe van die wêreld dus vervaag voor die eintlike gebeure: die wraak van die skoonheid . Dit is hierdie sekere wete wat hom in staat stel om, ten spyte van die antagonisme van die wêreld, tog die lewe getrou te bly.

Dit is hierdie sekerheid van die wraak se suiwerende noodsaaklikheid vir ons „wese", en hierdie sekerheid alléén, wat hom in verrukking bring en laat huiwer:

„om in haar omarmen
staamlend vernield te worden van genot".

Wanneer die digter later in De Twee Planeten (1947) skryf: „Ik verkies een klare rekenschap, die pessimistisch is, doch die ten minste het leven tot in den dood aanvaardt, boven vage illusies over wereld en cultuur, die door hun angst voor den dood in tegenspraak komen met het leven"(11) , dan is daarin weliswaar die verrukking om die onmiddellike koms van die lang verwagte afwesig - die oorlog het intussen reeds die bewys gelewer dat hierdie noodweer nog geen beslissing gebring het nie, nog nie die finale ondergang was nie -, maar in die grond het dit dieselfde gedagte uitgedruk as die aangehaalde slotverse van „Drie Dichters en de Oorlog" II.

In die verbygaan moet hier 'n oomblik verwyl word by die minstens vermoedelike betekenis van die twee verse wat aan die bostaande sitaat voorafgaan:

„(den eenzame) , die om haar dien god
van angst en murwe deernis en heesch kermen
afzwoer".....

Hierdie „god" laat ons aan die God van die Christendom dink, en aan Roland Holst se hele verhouding tot die Christendom wat, soos bekend, afwysend was en is. Dit lê buite die bestek van hierdie studie om spesifiek oor hierdie kwessie te handel (12). Tog kan hier net in herinnering gebring word dat Roland Holst die Christendom, hoewel van die wêreld afkerig, verwerp omdat dit teen die wêreld is, nie uit sielskrag nie, maar uit sielsnood, omdat hy in die oorgawe aan Golgota 'n verraad van die mens

(11) De Twee Planeten p.39
(12) Sien daarvoor behalwe Roland Holst se eie werk (van sy verse veral „De Nederlaag", De Wilde Kim) J.A. Rispens: De Geest over de Wateren: Kristal teen Kruis", A. Van Duinkerken: Ascese der Schoonheid en W.A. Stenfert Kroese: De Mythe van A. Roland Holst.

se wese sien, en omdat dit dus die suiwerende ingrype van die tot wraakgodin veranderde skoonheid slegs jammerlik kan vertraag. Maar wat die Christendom ook probeer, die wraak is onkeerbaar naby en tans reeds besig om die beskawing van sedert Golgota grondig te vernietig: om die Kruis gelyk te skakel, te ondergrawe en omver te laat sak, soos dit in „Voor West-Europa" en „Zwaar Weer op Til" gestel is. Onbewoë sal Roland Holst, soos uit daardie twee gedigte blyk, die ondergang nie aanskou nie, ewemin egter dit probeer afweer. Want sy ondergangsmite moét in vervulling gaan, die beslissing „Uit het buitenmenschelijke" (13) voltrek word.

Drie Dichters en de Oorlog III

In die laaste gedig uit hierdie groep word die wêreld op 'n verbitterde wyse veroordeel, die wêreld waarin nasies in nood nie bygestaan word nie, die wêreld waarin onreg en magswellus vry hul gang kan gaan:

„maar laat bij Noorderlicht uw Ilias
van Finland in den steek".,

die wêreld waar die strewe na geluk vervang is deur dié na mag, en die sielskrag in energie omgesit word:

„Wereld, die Pharaoh verdorde
tot Rockefeller, bibberend van een macht
door Ramses, kon hy weerkeeren, veracht".

Die wêreld van die hede en die magsbesit deur die grasie van geld en tegniek, word gekonfronteer met die verlede, die heel vér verlede hierdie keer, waarvan die oproeping soos 'n noodlottige besweringsformule klink. Met 'n sin wat kort-kort deur bystellings gestuit word, met kort sinsnedes wat rukkerig op mekaar volg, hef hierdie gedig aan. Daarop stroom verontwaardigde veragting vry uit, deur twee verse heen:

„en die met drukinkt in een moeite door
bewust de dorst verhit der slavenhorden".

(13) Proza II B 151: „Oorlogstuig", Uit Selfbehoud.

Wie Uit Zelfbehoud gelees het, moet by hierdie reëls onmiddellik dink aan die woorde uit „De Verborgen Gemeenskap":

> „Sinds de drukpers vrij werd en de vale huidschimmel van het dagblad zich over het menschelijk wezen verbreidde........." (14)

Die afrekening met daardie wêreld word met die uiterste denkbare afkeer, hooghartig-onverskillig voorberei vir die oratoriese vraag aan die einde van die strofe, met die enigste verwysing na die eerste persoon in die hele gedig:

> „Gaat gij te loor of gaat gij half te loor,
> wat deert het mij in dezen winternacht"?

Na hierdie enigste „mij", trek die digter hom konsekwent terug. Van die tweede strofe af klink nog slegs die beskuldigende, vervloekende „Gij" met enkele teerder en dan weer byna triomfantlike „eenzamen" tussenin.
In die passasie:

> "Wel redekavelt gij gedoemde,
> maar laat by Noorderlicht uw Ilias
> van Finland in den steek",

vind ons weer die vermenging van werklikheid en aktualiteit. By „Noorderlicht" maak die Ilias van Finland" 'n konkrete begrip en bring dit onmiddellik binne die daaglikse werklikheid. Deur „Ilias", andersyds, word die aktualiteit aan die half-mitologiese geskiedenis, deel van die Werklikheid, gekoppel, terwyl die twee motiewe, so met mekaar verbind, tewens deur die enjambement in reliëf gestoot word. Was in „Zwaar Weer op Til" die weerligtende onheil nog „wild en ijl.....boven de grensstreken", - hier, enkele maande later, terwyl die noodweer, sy dit dan verweg, losgebreek het, het die heilloos vliegende weerlig 'n vreeslike nabyheid geword. En wat in „De Prins Weergekeerd" die „ophanden sneeuwen"was, in „Zwaar Weer op Til" die „ophanden storm" geheet het, is tans die „ophanden skrikbewind" waarvan „Helena's Inkeer" weldra die aanwesige, visioenêre evokasie sal bring.

(14) Proza II p.119 „De Verborgen Gemeenskap" Uit Zelfbehoud"

Op die vorige strofe volgend, word die wêreld hier aangespreek as 'n „gedoemde" wat wel „redekavelt", maar met die gepraat, alleen op eiebelang bereken, nie sover kom om in te gryp en die vernietiging van Finland te voorkom nie. Die wêreld behou die oormag oor die gees. Met die gedagte aan die winter waarin die stryd om Finland plaasvind word die hieropvolgende reëls die wêreld toegevoeg:

> "...Uw vuil moeras bevroor met stank en al,
> en werd doodstil tusschen de beide linies, de geroemde".

Die kerngedagte word, soos in die eerste strofe, in die laaste twee verse opgesom: die wêreld het mooi praatjies (ontwikkel uit die krities-wetenskaplike denke) maar omdat hul nie verder as die brein-deurdring nie, en die gees of Skoonheid daarin dus geen positiewe waarde is nie, bly dit onvrugbaar en leeg:

> „Uw leuzen braken al bij't eerst geschil
> aan gore scherven: staat en klasse en ras".

In die volgende strofe word die aard van die dreigende wêreld-ondergang aangedui, en ook hoe naby die gevaar al dreig. Die Masjien, vyand van die wêreld, al word hy „blindelings verheerlijkt", en die Siel, „die ontembaar / bleef hoezeer ook versmaad", span saam om die wêreld te verwoes in die „ophanden schrikbewind". Die Siel (d.w.s. die skoonheid) gebruik die tegniese vaardigheid wat die mens ontwikkel het, en waardeur sy meer en meer op die agtergrond gestoot is, om die mens wat aan die verraad skuldig is, te vernietig.

> „Eenzamen worden er het vreeslijk weerlicht,
> heilloos achter het grommend labyrinth
> vliegende van uw stad, al van gevaar"

Die siening van die stad as 'n labyrinth kom ook reeds vroeër voor (15)

> „Daar, in het nauwe slop gedreven
> van de gedachten die uw vrije pers
> reeksgewijs losliet, zang en vers
> ombeurten wurgden, kleumen zij bijeen
> die de verliefden waren van het leven,
> de pralenden"....

15.Vgl. De Afspraak: „eenzich dreigend en labyrinthisch uitbreidende steenen wereld". (Proza I p.181), „en dat dreunende steenen labyrinth" (Proza I p.198).

Weer spreek die veragting - veral uit die woordkeuse - vir die gedagtes wat „uw vrije pers / reeksgewijs losliet", en wat sang en vers (wat van die lewe is) verdring.

„Het nauwe slop - van de gedachten" druk die digter se opinie oor hierdie gedagtes uit. In hierdie omgewing, en deur hierdie nood gedwing, sluit dié wat gewoonlik eensaam bly, „die de verliefden waren van het leven", bymekaar aan. Die kerngedagte van die strofe is weereens in die laaste twee reëls opgesluit.

Vir hierdie mense - „een voor een": by hulle geen massa - emosie nie - wat tot die lewe behoort, bestaan daar niks onterenders as die wêreld nie.

Die begin van die vyfde strofe sluit onmiddellik hierby aan:

> „En niets verheerlijkenders tevens
> dan die vuurdroom, dat het weldra gedaan
> zal zijn met u en dat gij zult vergaan,
> waar, hoe dan ook".

Die wêreldondergang word afgewag as 'n verlossing vir die gees. Dit is 'n gedagte wat so dikwels voorkom dat dit as 'n soort Leit_motiv deur Roland Holst se werk deurloop. Hier word ook die idee van die brande van die ondergange wat veral in De Wilde Kim en Een Winter aan Zee voorkom, bevat in die „vuurdroom" van die ondergang. Op hierdie punt kom die ommekeer: diegene wat bymekaar skuil in 'n poging om die bedreiging van die wêreld af te weer, sal hul in die verwoesting van die wêreld verlustig. Terwyl hulle woorde nou nog sag en onweerstaanbaar klink, en vers en sang onderdruk word - tussen die reekse „gedagtes" wat die pers kwytraak - sal hulle midde in die bevrydende ondergang sing:

> „ Nog preevlen zij maar wat,
> maar zij zijn de bevlogenen des levens
> voor gij het weet, en midden in uw stad,
> en zullen zingend in de baaierd staan.
>
> Uw baaierd, waarin gij zult worden vernielt"....

Deur die herhaling, die vervanging van die lidwoord deur „uw", en veral deur die plasing van die woord wat herhaal word aan die begin en die einde van die strofes

word die begrip besonder sterk beklemtoon. In die twee sinne waarin dit voorkom, blyk nog 'n keer hoe min die lewe en die wêreld op die oomblik met mekaar gemeen het. Ook word daar weer daarop klem gelê dat die verwoesting teweeggebring sal word deur „wat de hoop was van uw macht", d.w.s. deur die tegniese vaardigheid waardeur die wêreld bedoel het om nie sy geluk nie, maar sy mag uit te brei (16), en ook deur diegene wat van die tegniese vaardigheid 'n afgod gemaak het om die begeerde mag in die hande te kry, en hulle dus „tot machine zou(den) laten maken" (17). Die getergde en veragte Skoonheid is dit

„die over u thans
woest zal gaan zwalpen met uw eigen horden".

Dit is magistraal - beeldende verse met die motief van die natuurelement wat vir altyd gaan swalp oor die verwoeste stad, en met in die enjambement twee teenmekaar botsende sterk heffinge „thans" en „woest" wat albei van die naaste heffings deur twee onbetoonde lettergrepe geskei is. 'n Kortaf aankondiging van die onvermydelike ondergang beëindig die voorspelling van die vergelding:

„Uw slecht verhaal loopt af, uw laatste kans
verkeken. Peilloos straalt de winternacht".

Die onverbiddellike oordeel van hierdie verse sluit die gedig des te indrukwekkender af omdat hulle tewens terugverwys na die hooghartige afrekeningsvraag in die eerste strofe:

„Gaat gij te loor of gaat gij half te loor,
Wat deert het mij in dezen winternacht?"

Hier het die nadruk gelê op die aktualiteitselement, die bepaling van die jaargety, 'n nag in die winter van 1940. In die „Winternacht" aan die einde word dié tydsbepaling herhaal maar die aksent verskuif na die werklikheid:

(16) Hierdie gedagte word visioenêr gerealiseer in „Helenas Inkeer".
(17) Proza II 242 Eigen Achtergronden
Vgl. ook die derde strofe en „De Machine Spreekt".

bowendien gekwalifiseer as „peilloos stralende" bring die winternag nou veral in herinnering Roland Holst se kristal simbool van lig, stilte, tydeloosheid, onveranderlik bo alle wêreldse onverkwiklikhede.(18) In albei gevalle staan „winternacht" aan die einde van die strofe, en kry dus 'n sterk klemtoon, nie slegs as slotwoord nie, maar ook weens die stilte wat daarop volg, 'n stilte wat na die eerste strofe 'n betreklike lang ruspouse is, maar wat na die laaste strofe die karakter aanneem van onwrikbare finaliteit.

Daar bestaan trouens 'n opmerklike ooreenkoms tussen die struktuur van die eerste en dié van die laaste strofe. Dié ooreenkoms word natuurlik teweeggebring deur die stuksgewyse hervatting van elemente van die grond-idee, reeds in die aanhef :

„Wereld, die....."
„Uw baaierd, waarin..."

Maar, soos blyk uit die parallelisme van hierdie aanhef en uit wat hierbo oor die „winternacht" gesê is, geskied dié hervatting op 'n ander plan. Die rymwoorde „horden", „macht", „veracht" en „winternacht" verskyn in albei strofes op presies dieselfde plek, maar alles wat in die eerste „positief" was, het in die laaste „negatief" geword, en omgekeerd. Die mag wat die hoop van Rockefeller was, word die dryfkrag van sy vernieling. Teenoor Ramses se hoë veragting van die wêreld, staan die wêreld se misdadige veragting van die Ontembare, wat die hordes, opgehits deur die wêreldse drukink, tans op die wêreld self gaan loslaat.

As ons verder wil let op die feit dat die „winternacht" - motief, tussen die twee uiterste strofes in, telkens opnuut deurklink en aangevul word deur „Noorderlicht" „bevroor", „kleumen", dat die kontras tussen natuur en

(18) Vgl. die interpretasiemoontlikhede van „winterdag" en De Prins Weergekeerd".
(19) [illegible]

[illegible] „[illegible] [illegible]", [illegible]-

wêreld vervat lê in die teenstelling van die spieëllose straling met die „vuil moeras" van die tweede strofe, en dat eweredig met die afnemende getal skimpwoorde, woorde soos „verliefden", „pralenden", „verheerlijkenders", „vuurdroom, „bevlogenen", „zingend" „Baaierd" (19) , „zwalpen" na die einde toe toeneem, dan word dit duidelik dat met die slotwoorde 'n sirkelgang, of liewers: 'n spiraal om die middelpunt van die dreigende ondergang, voltooi word.

Deur die gebruik van skimpende woorde, die „gij"-aanspreekvorm, en die kortaf, verbete sinsnedes, is „Die Dichters en de Oorlog III" ná „Voor West Europa", die mees sarkastiese en aggressiewe veroordeningsgedig onder Roland Holst se aktualiteitsverse. Deur hoër, meer tydelose visie en met name deur die feilloos gekonstrueerde spiraalgang wat ons genoem het, verhef hierdie gedig hom egter vèr bo die vroeëre stuk.

II.
In Memoriam Charles Edgar du Perron
Menno ter Braak.
Ook Marsman.

Roland Holst skryf hierdie gedigte oor sy vriende wat slagoffers van die oorlog geword het, maar tot die einde pal bly staan het by hul oortuigings. Omdat die wêreld vir hul geen plek meer gegun het om vry te lewe nie, het hul saam met mekaar gegaan:

„den dood in, dit bloedjaar" - 1940.

Uit hierdie groep van vier gedigte - die enigste „in het oeuvre van Roland Holst waarin de springvloed die hij verwagte, en het bittere menschelijke verdriet de grenzen doorbraken van het zelfverweer tegen al wat zijn geestelijk leven dreigde te storen" (20)-is slegs twee aktualiteits-gedigte, nl. die eerste en die derde gedig van die groep „In Memoriam."

(19) I.v.m. „baaierd" as 'n „verrukkingswoord" sien Proza II p.227 „Spiegel en Hart" Uit Zelfbehoud".:En is een gedicht.......
(20) Over den dichter A. Roland Holst p.15 (Henriette Roland Holst)

Hulle is ook nie tipiese aktualiteitsgedigte nie. Eintlik lyk dit of die aktualiteit in die derde gedig in elk geval - slegs toevallig aanwesig is.

Die tweede gedig van die groep "In Memoriam", sowel as die gedig op Marsman bevat geen elemente van die aktualiteit nie. Hulle is slegs by die bundel ingesluit omdat die gedig op Du Perron en Ter Braak deel uitmaak van 'n groep waarvan die ander wel aktualiteitsgedigte is, en "Ook Marsman," omdat dit, wat die onderwerp betref, by die vorige groep aansluit. Hierin is die aktualiteit tog aanwesig: dat dit gedigte is wat geskryf is ter nagedagtenis aan die digter se vriende wat as gevolg van die oorlog die lewe ingeskiet het. Eintlik is hul twee persoonlike verse, en m.i. die beste van die vier. Die tweede gedig uit die "In Memoriam"-groep is 'n suiwer en intieme stemmingsgedig met 'n ongelooflike suggestiewe kwaliteit. Vergelyk b.v. die derde strofe:

> „En vlijen zich na een verheugd maar onverwonderd,
> weerszijds verwelkomen aan mijne zijde neer
> alsof er niets gebeurd was, en wij praten onder
> het zwatelen dier nog verlichte populieren weer,
> lachend oneenig als weleer " (21).

Uit die aard van die saak lê ook in die ander twee herdenkingsgedigte, No's I en III van die „In Memoriam", die nadruk eerder op die persoonlike werklikheid as op die aktualiteit. Die aktualiteitselemente moet egter kortliks belig word.

I. Die eerste ses strofes handel oor die digter se twee vriende wat deur die oorlog aan hul einde gekom het, hoe hulle was, en waarom hulle moes sterf. In hierdie verse vind ons Roland Holst se houding i.v.m. die lewe en die wêreld terug.

---

(21) Vgl. in In Memoriam I : „hun zin was niet mijn zin". Die laggende onenigheid verwys nie slegs na die vriendskap tussen mense wat soveel van mekaar verskil nie, maar ook na die literêre aktualiteit voor 1940 in Nederland, waaroor in Hoofstuk I gehandel is.

Die „aan bod gekomen wereld" het die wêreld van die vriende gebreek; hulle was weliswaar begrens, maar binne hul perke het hul „van geen wijken van geen zwenken" geweet nie. Hulle was „woordvoerders", maar

„Het leven sloeg, slaags rakend met hun denken,
hun daar tot mannen, en thans heeft de dood
tot menschen hen vergroot.

Vir sover dit hier nog moontlik is, is dit goed,

„Want geen van beiden was in staat
verder te leven ook maar in den schijn van
knechtschap - en dat is waar het thans om gaat
voor wie zijn van hun maat".

Ook nie die skyn van knegskap nie - van uiterlike en noodgedwonge onderdanigheid aan die besitter, of skynbare onderworpenheid aan dwang van die gees - was aanvaarbaar. In die derde strofe maak die digter gebruik van die taal van die aktualiteit, en die beeld hou tegelykertyd ook 'n beskuldiging in:

" Haar (hul taal) nam hij ( die dood) in voorloopige bescherming:
by hun alleen geldt van dat goede woord
de zin nog onverstoord").

Omdat hul „woordvoerders" was, was „hun zin niet mijn zin", en voor hul bevriend geraak het, sou die digter nie daaraan gedink het om hulle - niet trots - te nooi binne die gebied wat die wêreld hom gelaat het nie, en ook nou nog laat nadat hulle weg is.

In die laaste paar strofes kry ons weer die digter se interpretasie van die aktuele gebeurtenisse, wat Ter Braak en Du Perron, weens hul beperkter insig , nie kon deel nie: die wêreld is 'n „Troje dat ontploft in branden", die wrekende Skoonheid „een dor wild wijf",

„door wat haar loochent in een wild bloedbad
stortend wat haar vergat".

Die ontrou het so erg geword dat dit haar min skeel of die „bezeten ketters" weet wat hulle doen of nie, solank as die wêreld maar in doodsgevaar gebring word.

Dit is wat die digter al jare lank verwag het, en nou dat dit aanbreek, begeer hy om die voltrekking te mag sien voor ook hy deur die graf opgeëis word.

hnie

Die beeld van die sielskrag as Helena wat weens die ontrou van die wêreld aan haar, wraak neem deur middel van die mens self, en die wêreld - Troje - verwoes, is een wat herhaaldelik voorkom. Uit Een Winter aan Zee het ons reeds vroeër die volgende gedig genoem:

" - - - - - - - - - - - - - -Hol
en in wartaal orakelt
ergens in de schoorsteen
een heks, een tooverkol,
van Troje en wraak en vete -
De wind en ik alleen
weten nog hoe zij heette"(22)

Die geaktualiseerde formulering van hierdie verse in die „In Memoriam I" - 'n tipiese voorbeeld van sulke aktualisering! - is al 'n direkte voorbode van „Helena's Inkeer".

III.

Die derde gedig kan slegs vir 'n aktualiteitsgedig deurgaan as dit gesien word in aansluiting by die eerste ( die vyfde tot negende strofes sluit nl. aan by die eerste drie strofes van I ), en verder ook weens 'n historiese assosiasie.

Ook hierdie gedig begin met die mededeling van hoe die digter sy vriend gevind het - ná sy dood - en dit word die aanknopingspunt vir 'n meer algemene beskouing oor die houding van „elk vrij mensch" in hierdie tyd.

Veelseggend is die beskrywing van die oorledene:

„Streng sloot nog stugge moed
Zijn mond af, als van een die noode
en dat het zwijgen maar toe doet,
omdat het moet".

So, ontoeganklik, „wars van mededogen", maar nog naby, binne ons bereik, is hy 'n voorbeeld vir elke vry mens, want dié moet gereed wees om ook so te bly:

„binnen bereik, niet te genaken,
staande schijndood, geen schild , geen vlag,
Zoo overdag".

(22) Een Winter aan Zee   Gedichten II p .45.

Maar snags (23) in stilte, kan hy nadink en die sin van die gebeure verstaan,

„en ondergaat
waar het op staat".

Dan put die eensame moed uit die naderende ondergange, om teen die hordes van die wêreld staande te bly. So hou hul stand: deur hul geloof in die bevrydende ondergang. Dié geloof is nie meer dieselfde wat gedurende die Tagtigjarige oorlog die Nederlanders besiel het nie, maar dit is tog geloof, nie die materialisme van die wêreld nie. Die kompleks van historiese assosiasies: tagtig jaar teen Spanje, geloof - en vryheidstryd, ontstaan van 'n volk - reeds bekend uit „De Prins Weergekeerd" en „Voor West-Europa", word hier opgeroep in die agste strofe:

„Zij houden zoo - hun lot hun eer -
stand, zonder schilt, maar met betrouwen.
En al gewagen zij niet meer
van God den Heer"......

wat sonder twyfel direk sinspeel op die sesde strofe van die „Wilhelmus":

„Mijn schilt ende betrouwen
zijt ghij, o God mijn Heer".

Onmiddellik hierna, in die slotstrofe, keer die gedig terug na die uitgangspunt waarvandaan dit uitgebrei het:

„ En ik dank het, wordt mij gegeven
mijn laat leven nog zoo te leven,
dat ik mijn vriend dien onheilsdag
dood liggen zag".

III. Helenas Inkeer.

Maar as al die ander aktualiteitsgedigte beweeg „ Helena's Inkeer " op verskillende planne, deur verskillende inhoudslae heen wat dwarsdeur onderling met mekaar verband hou en vir die juiste begrip waarvan 'n kennis van al Roland Holst se geskrifte sedert ongeveer 1915 geverg word. Die simboliek van Troje en van die aktualiteit verskyn naas- en deurmekaar, en word direk deur die leser opgemerk.

(23) Vgl. uit „Helena's Inkeer" („Zij hadden)....
den nacht gezocht om helderziend te blijven."

Hierdie twee dinge val in die gedig saam, behalwe dat die huidige gevaar groter is en die hele wêreld vernietig sal word, nie slegs 'n gedeelte nie. Helena neem ook aktief deel aan die teenswoordige stryd. Die gedig het egter nie slegs betrekking op die verwoesting van Troje en op die hedendaagse toestande nie, maar feitlik die hele verloop van die menslike geskiedenis. Dit blyk uit die paragraaf wat begin met die vers:

„Nu weet ik het, door ondergang bezield".

Deur die besondere vermenging van al hierdie betekenisse en deur die toon wat aangeslaan word, kry die gedig byna die karakter van 'n ou-testamentiese profetiese visioen.

Die mededeling dat die eerste twee paragrawe van „Helena's Inkeer" vyf-en-twintig jaar voor die res van die gedig ontstaan het, word in die vers self verstrek:

„Haast een kwarteeuw verstreek".....

In hierdie eerste gedeelte ontbreek alle verwysing na die aktualiteit. Soos in De Wilde Kim kom die ondergangsmotief hier in die simoliek van die Griekse half-mitologiese geskiedenis tot uiting: die oorlog wat Troje in puin gelê het, geld as simbool vir die naderende ondergang van die hedendaagse Westerse beskawing. Die vraag waarmee die gedig begin, het oënskynlik slegs betrekking op die oorspronklike Helena:

„Waar ligt het land waar zij had moeten leven
met haar hart, dat groot en onstuimig was?".

Wel kwalifiseer die tweede vers ook die Skoonheid. Maar wanneer die digter die antwoord op die vraag gee - en dit gebeur pas in die tiende paragraaf (24) - blyk dit dat die vraag en die antwoord van wesenlike belang is. Helena, die vrou, moes kies waar sy wou woon. Sy het Troje gekies, en terwille van haar is die stad verwoes. Helena, die Skoonheid, staan voor dieselfde keuse:

„dit is het land waar gij wilt blijven loven
al weet gij dat gij er nooit wonen zult"..

(24) Gedichten II p.215.

Eweas Helena kan die Skoonheid, die sintuiglik-waarneembare sielskrag, „heils- of onheilsbode van de Ziel zelve", nie in die land van haar keuse bly nie, omdat dit juis daardeur ten onder gaan.

As 'n mens die gedig vir die eerste keer lees, sodat jy nie al dadelik van die antwoord, wat betreklik laat in die gedig gegee word, weet nie, is die hele eerste paragraaf slegs 'n beskrywing van Helena en haar aard. Haar keuse van woonplek is dan eenvoudig Sparta of Troje. Sy was alleen, verhewe bo die massa -„niet van hun ras", sy was nie van die wêreld nie. Hier word 'n mens getref deur die uitdrukkings „roekelose droom", „een hooge brandende sage", „een die enkel nog van wolken weet" ; deur die droom en wolksimboliek, omdat dit gedurig in Roland Holst se werk terugkeer; en deur die „brandende sage", omdat dit by die leser die assosiasie met die brande van die ondergang wek. En ondergang en Skoonheid gaan altyd saam. Die gevoel van onheil word ook versterk deur die beskrywing van die Skoonheid soos die digter vir die eerste keer van haar bewus geword het:

„tegen het avondrood,
boven de stad uit, op het viaduct,
stond zij en lachte peinzend, en verrukt
snoof zij den zeewind van een verren dood".

„Boven de stad uit" sluit aan by „verheven boven hun gelaten". „Tegen 't avondrood" sê vir ons dat die dag om is en die ondergang naby. Aan die slot van die eerste paragraaf doen die ondergangsmotief dus sy intrede, en daarmee ook die teenswoordige.

Vervolgens word die tyd waarin die Skoonheid die verloop van gebeure bepaal nog verder uitgebrei:

„Zij werd - en 't bleef haar somber voorrecht hier
in d'eeuwigen aantocht van den droom geboren,
met haar blik 't noodlottig westergloren
over deez wereld, en den rossen zwier
van een verwoestende eindbrand in heur haren".

Hierdie reëls laat 'n mens onmiddellik aan die Renaissance dink: die waan dat die mens uiteindelik tot alles in staat mag wees, die droom dat die mens die wêreld kan beheers, die herontdekking van die skoonheid van die klassieke,

die mens se bewuswording van homself, - maar tewens die vertrekpunt van die veraardsing en later die tegniese vordering wat gelei het tot die meganisering van die Weste, wat tans in sy eindfase, sy laaste ligfase, sy „westerglore" getree het. Maar die droom is nie tot een periode beperk nie („d'eeuwigen aantocht van den droom"), dit behels die hele menslike geskiedenis, en alle beskawings volg dieselfde patroon. Weens die motief van die Trojaanse oorlog trek 'n mens veral 'n parallel tussen die Griekse en die huidige Westerse beskawing. Dit is 'n somber voorreg vir die Skoonheid om in die ewige aantog van die droom gebore te word: die droom gaan vir die wêreld nooit in vervulling nie. Ewig is sy hier op „doortocht naar de ontwerelde grensstreken". (25)

Vyf-en-twintig jaar later word die res van die gedig geskryf, en onmiddellik, reeds in die aanvang van die latere gedeelte kom sowel elemente van die aantoonbare daaglikse werklikheid as van die aktualiteit voor, - die werklikheid slegs in die verbygaan, want dit is die aktualiteit wat hierin van belang is. Die eindbrand wat die digter in die Skoonheid voorsien het, het uitgebreek. Nou is dit nie meer die „zeewind van een verre dood" nie. In een sin word die twee sfere van Troje én van die hede bymekaar gebring.: die eindbrand waarvan die gloed in Helena se hare geskyn het, is dié wat nou die Weste in puin lê.

---

(25) „De waarneming eener groote cultuurverschuiving naar het Westen; de zekerheid dat wij geboren zijn in het najaar eener wereld; de diepere zekerheid dat bouwen en vernietigen deselfde functie is, dat de tijd het levensvuur van de dagen ongenadig ontvreemt en alles afkwelt zooals hij ons hart naar het sterven verkilt, beheerschen's dichters gedachte over het lot van Europa en doortrekken ze van een diep cultuur-pessimisme.".

A. van Duinkerken: Ascese der Schoonheid P.83.

„Maar de eindbrand, dien ik in den rassen zwier
van dat breed haar voorzag, is uitgebroken;
reeds stortte wat in't Westen stond gebouwd
tot rookend puin, uit zwarte brokkelmonden
gapend ten hemel, die een norsch zwerk werd".

In dieselfde sin is daar die bekende simboliek van die aktualiteit: die hemel („overwolksche".) word in hierdie tyd 'n norse uitspansel, want dit is die vergelding oor die verraad van die siel - wat ook tot die bowewolkse gebied behoort - wat besig is om voltrek te word. Die bedorwenheid van die late wêreld word treffend voorgestel in die daaropvolgende drie verse:

„Het daglicht is als het aanbreekt al oud;
alom verheugt ziekte zich aan zonde,
en alle uitwegen houdt de haat verspend.".

Die laaste vers verwys uitdruklik na die oorlogtoestande wat sedert 1940 in Europa geheers het.

Die ondergang, wat, soos ons weet, deur die digter as 'n noodweer van die siel beskou word, sou hom nie ontstel as die Skoonheid self maar ongeskonde sou bly nie. Maar sy, gebore in „d'eeuwigen aantocht van den droom", neem in die weerwraak van verraaide drome die leiding op haar. Alles, ook haar eie bestaan, waag sy nou op alles, onkeerbaar,

„doof voor het jammeren der zielsbenauwden,
blind voor den bouwval waar hun angst uit vlucht,
voltrek zij wat zij wil".

Al lank het hierdie vergelding gedreig om los te breek, en daarom het dié wat met haar lot vertroud was, jarelank „zielsverrukt en harts beducht" geleef: verruk oor hul vyand, sal vernietig en die siel bevry, en beangs oor die vreeslikheid van die wraak. Lank voor die tekens van 'n Tweede Wêreldoorlog sigbaar was is die verval van die Westerse beskawing reeds verwag - en dit is bekend dat Holst Spengler bewonder het (26).
Hoe die verlange na die ondergang deur die Skoonheid in die eensame gewek is, word op meesterlike wyse vertolk.

(26) Sien De Twee Planeten pp.22 en 40, en E. du Perron Voor Kleine Parochie p.150.

„Bleef in het domp bederf der wereldlucht
haar wezen, dat vanouds van geen opgeven
ooit weten wou, niet hangen als een beven
dat sidderen werd, tot het in angstgeril
zich deur geladen eensame meedeelde,
in hunkering naar onheil, naar de weelde
naar de verlossingsweelde van een ramp?".

Die volgende verse wat handel oor die stilte voor die opkomende storm toe dit ook vir die duisendtalle duidelik geword het wat aan kom was, herinner baie sterk aan „Zwaar Weer op Til" . Nadruk word gelê op die stilte:

Nooit meer vergeet ik, hoe stil, hoe doodstil,
"het hier toen werd, want in den klammen damp,
van onze schande werd toen voor het eerst de
verheviging, waartoe zij zich beheerschte
en introk, kenbaar aan de duizentallen".

Ook die beeld van die waarskuwende weerlig herinner 'n mens aan „Zwaar Weer op Til", en „Drie Dichters en de Oorlog" III, In „Helena's Inkeer" het wat in die vroeëre gedigte die onmiddellike hede was, herinnering geword.

„Ten einder dier toen ingevallen
stilte van hun doodsbleek en zonder wil zijn
weerlichtte al van het niet meer te bezweren
noodlot het nu op til zijnd
oordeelen in verholgen wonderen".

Dit is die ontering van die hoogste mensheid wat nou as angssweet by die „doorhuiwerden" uitbreek:

„Koud zweet, en dat alleen
verbond, en eerder niet, de ontbondenen
tot saamgeschoolden, in hun bange schande
het nog onzekere al ten zekeren buit".

Toe die wêreld die siel verraai het, het die eensames, diegene wat nie tot die hordes behoort het nie, sonder onderlinge verband ook 'n groep gevorm. Ander „ontbondenen" wat alleen deur die bedreiging van 'n gemeenskaplike vyand tot saamskoling gedwing is, kan die volke wees wat later die geallieerdes sal word, maar veeleer sal die woorde betrekking hê op die tallose mense wat weldra in die besette Nederlande in passiewe of aktiewe verset teen die besetter sou kom.

Die volgende paragraaf handel oor diegene die, „de voormalige heerschers trouw blijvend, haveloos heengingen om in afgelegen streken, wakend bij vuren, te overnachten

wellicht enkel nog 'n verheven wartaal elkander herinnerend aan koningen, die - roekeloos geworden door een droom, grooter dan hun rijk - hun kronen wegwierpen in den avondval" (27). Ingekeerdes wat hulle van die wêreld en sy valse waardes („vervalscht licht") afgesonder het, het in hierdie tyd na die „vaal daglicht" teruggekeer. - Die digter self is een van hulle - dit was gedurende hierdie tyd dat hy die aktualiteit nie meer uit sy poësie geweer het nie.

Tans, uit hul „ingekeerde wake" tot die wêreld ontwaak, sien hul die wêreldgebeure raak, en sien daarin die wraak van die Ontembare, die „Wolkbreuk van verholgen droomen" oor die wêreld wat alreeds meer en meer materialisties geword het. Vir die beskrywing van die wêreld se bedorwenheid, word die terminologie wat die digter vir die toestande ontwikkel het, gebruik:

„een wereld, die zichzelf belijdt,
den geest onthemelde en geen slaap erkende
dan den ziellooze en die uit feit aan feit
de schakels klonk waar hoogmoed aan ellende
mee werd gehetend".

In hierdie paragraaf word die wêreld en die Derde Ryk feitlik sinoniem - die sinspeling van „dit slecht rijk" op albei is duidelik. Merkwaardig is dit dat hier - en slegs in hierdie een enkele gedig - die wapens nie die van vervloë tye is nie, maar moderne krygstuig - nie die swaard nie, maar bomwerpers. Dit sal nouliks verwondering wek dat die digter die metode van oorlogvoering nie onvermeld gelaat het nie, - alleen reeds omdat weens die geweldige tegniese vooruitgang op die gebied van die vliegkuns, die tweede Wêreldoorlog 'n oorlog van verwoesting geword het wat 'n mens jou byna nie kan voorstel nie, en meer as ooit te vore 'n stryd van massas i.p.v. een tussen individue.

---

(27) Proza II p.116. „Zielskracht en Energie" - Uit Zelfbehoud".

Maar hoeveel sterker moes die digter se verbeelding nie aangegryp geword het deur die feit dat met die oorlogvoering uit die lug, die vernietiging van die mensdom vanuit die wolke, as wraakoefening van die „aanvliegende ontembare" (28) gekom het. Aktualiteit en werklikheid is innig verstrengel in:

> „ de machts overname en de aangevlogen
> en neergestorte en strijk
> en zet genomen wraak van de ontembare".

Bowendien lê in „machtsovername" 'n ander siniese sinspeling op Hitler se „Machtsübernahme" in 1933. In hierdie verse word die dieper sin van die tydsgebeure deur die tydelike en tegniese verskyningsvorm van die gebeure self onthul. Hoeseer Roland Holst onder die indruk van hierdie aktualiteit gekom het, blyk trouens uit die selfs nog duideliker herhaling van dieselfde realistiese beeldspraak verderop.

Die Skoonheid, wie se voorkoms jare gelede die ondergang voorspel het, is dieselfde wat nou verniel, dieselfde wat eeuelank verag en vergete is. Sy het gekies waar sy wou bly ( vgl. vers een) alhoewel sy geweet het dat sy daar nooit sou woon nie. Die Skoonheid is van altyd af die bode van die siel waardeur die mens tot rekenskap gebring kon word, want die Skoonheid is sielskrag wat sintuiglik waarneembaar is. Deur die skoonheid kon die mens in die verlede hom steeds meet met die „maatstaf der eeuwen", en sy het in hom die heimwee laat ontwaak na sy oorsprong.

> „ten overstaan
> dier eerstelingen, naar wie lang voorheen
> hij in zijn zingende aanvang zelf nog zweemde".

In prosa het Roland Holst later min of meer dieselfde idee nog 'n keer uitgespreek:

> "....Geluk in evenmaat, en dit zichtbaar aan den mensch zelf zooals hy staat, of loopt of te paard zit... is het te verwonderen dat van alle tijdperken der historische wereld dit het eenige is, waarheen zij die later hun ziel en hun zaligheid weer waagden in den opnieuw ontbrandenden strijd, steeds meer terugzagen eer ziende verzonken in een heimwee, waar elk

(28) Sien Proza II p.148 - 154. „Oorlogstuig", Uit Zelfbehouwd.

historisch heimwee by vervaalt? Dit heimwee naar Hellas,

al gaat het uit naar een wereld, of althans naar een menschelijken staat, die aanwijsbaar dan toch heeft bestaan, is het eenig wereldlijk heimwee gebleven dat kan worden vergeleken, en dat inderdaad bevreemdend overeenstemt, met dat andere van buiten de wereld, het geheimzinnig heimwee naar wat hier nooit bestond en wat de mensch hier toch nimmer kon vergeten, het heimwee in verbanning". (29)

Deur sy vermetelheid het die mens egter van die eerstelinge vervreem, en sy wêreld, deur tegniese bekwaamheid, van die natuur. Hier word die stad (as teenbeeld van die natuur) 'n „grommend labyrinth" (30), 'n „steil geweld van staal en steen", genoem, 'n „hel van onthemeld licht". Met die hemelstand en die sonlig in sig, het die mens in sy eie stad, met sy selfvervaardigde kunslig, van die siel verraai.

„Schoonheid, gij die ten onheil thans u gordde
heilklooze Helena - zo bang
is het den mensch om het door haat verdorde
hart bij uw wrekende aantocht nooit geworden". (31)

Na die oorlog het Roland Holst die volgende woorde geskryf: „ Waar in die Renaissance het heimwee naar Hellas, naar deze helderheid van geluk in evenmaat, nog levenwekkend werkte, wekt het thans gevoelens van onmacht van ballingschap.....van ballingschap als het verdiende loon, want komt door hen, in wie het menschelijk wezen zich nog rekenschap geeft, een late - te late? - wroeging ten aansien van den geest niet tot bewustzijn?" (32) Maar meer nog: „Helena's Inkeer" het ontstaan midde in die oorlog, die verwoesting van die Weste, van „Troje". Die huidige wrekende aantog van die Skoonheid is verskrikliker as enigiets wat daarvóór gekom het - wellig omdat die mens van die voortekens geen notisie geneem het en nie ag gegee het op die waarskuwing daarvan nie:

(29) Van Erts tot Arend p.259 Proza II
(30) „Drie Dichters en de Oorlog III".
(31) Van Erts tot Arend Proza II 260.

„van overlevend hooren-zeggen slechts
wist hij wat hij nu met eigen oogen
en oorverdoovende ziet aangevlogen:
't oordeel, voorkondigd lang, maar averechts
begrepen steeds en op een leege baan
van ongevaarlijk eeuwigheid geschoven,
heeft voor hij toe kon komen aan gelooven,
den hardgeloovige te niet gedaan".

In die passasie wat hierop volg, aangekondig deur „oorverdoovende aangevlogen", word die beeldspraak van die ondergang nogmaals aan die aktuele gebeure ontleen en weer aan die lugoorlog. Die gebeurtenisse vorm self die ondergang, maar die visie van die digter sluit die oorsaak en sin daarvan in, sodat hierdie verse, aanskouliker as die vroeër passasie, 'n grootste allure kry:

„maar de maaksels van zijn brein
blinkend verheugd tot gevlerkte beesten,
die hem met wat hy is en is geweest en
nog wordend wilde en al begon te zijn,
vanuit de onzalige wolke en't wreed azuur
verpletteren, hem met zichzelf bestokend,
tot slechts puin, heet nog, toont, doodstil
narookend,
het oord waar gij uw wraak naamt".

Reeds vroeër is die vrees uitgespreek dat die Skoonheid self nie ongeskonde daarvan sal afkom nie. Nou word die vermoede gewaag dat, wanneer alles afgelope is, en na die woeste

„treurspel der wereldrijken,
de zijn der wereld zelve leegte bleek",

die Skoonheid tot haarself sal inkeer:

„Zou dat uur/het duister uur van ook uw inkeer blijken"? Donkerder pessimisme is moeilik denkbaar. Die verwoesting sal dus volkome wees, en sluit alle hoop uit. Daarna sal geen visioen meer moontlik wees nie „tenzij dat laatste, dat - als werkelijkheid - den dood voor oogen heeft" (32).

Die digter wat nog altyd nors teen die wêreld gekeer was, moet nou dieselfde onmenslike verskrikking van Helena se wraak deurmaak, as die wêreld self.

---

(32) De Twee Planeten p.38.

Die veragtende vermetelheid van die voorspelling „de bevlogenen---zullen zingend in de baaierd staan" (33) klink tans nie meer nie. Die skrikbewind self, hoe lank ook voorsien, is ook vir hierdie digter 'n grondig-ontredderende gebeure, dwing ook hom om gehoor te gee aan die „smeekbede of aanklacht van het hart", en tot die besef van 'n nuwe „Nederlaag". Waar hy vroeër in 'n forse en trotse toon Helena en haar toekomstige wraak openbaar het, het die ervaring van die wraak hom tans andermaal gebring voor die nog steeds onbeslisbare keuse „tusschen het vervulde heimwee en een afgrondelijke onvervulbare deernis" wat hy twintig jaar tevore al voorsien het (34)

Dit sou ondoenlik wees om hier uitvoerig in te gaan op tegniek en vormkwaliteite van die lang gedig wat „Helena's Inkeer" is. Uit die gedeeltes hierbo aangehaal kan tallose gevalle afgelees word van doeltreffende en nooit opdringerige klanksuggestie ( veral alliterasie en assonansie), van dringende woordherhalings (veral gevalle soos: „de weelde/de verlossingsweelde van een ramp", of „woord voor doodzwaar woord") van 'n woordgebruik wat getuig van ontsag vir die Skoonheid in teenstelling met die veragtende en skimpende woordgebruik in „Voor West-Europa " en „Drie Dichters en de Oorlog II", van visionêre en dikwels tegelyk realistiese beeldspraak, en van magtige periodebou . In verband met die periodebou moet iets langer by die versifikasie stilgestaan word. Soos die strofes in die ander aktualiteitsgedigte vorm die paragrawe in „Helena's Inkeer" telkens 'n min of meer afgeslote eenheid. Hulle is elk uit slegs 'n paar periodes opgebou, en van ongelyke, maar meestal nie geringe lengte.

(33) „Drie Dichters en de Oorlog III".

(34) Proza I p.198, De Afspraak ".

Ook die lengte van die versreëls wissel : tussen die meerderheid van tien- of elflettergrepige verse kom verse van vier tot nege lettergrepe voor, met i.p.v. (ongeveer) vyf heffinge, twee, drie of vier heffinge. Hierdie kort verse tussen die ander wat langer is, veroorsaak soms 'n verrassende effek, meestal deur nadruk te lê op belangrike sinne of sinsnedes. Waar die kort vers soms deur enjambement òf aan die voorafgaande òf aan die daaropvolgende vers verbind word, staan die korter verse tog nog alleen uit wanneer die gedig gelees word, en bly 'n mens nog bewus van die variasie in die lengte:

„Door vervalscht licht aan den lijve
bedreigd en schuw gemaakt",

Besonder mooi is die volgende geval:

„ Koud „zweet en dat alleen
verbond / en eerder met / de onbondenen
tot saamgeschoolden".

Die korter vers met vier heffinge op ses lettergrepe, die enjambement, die plasing van die cesuur, waardeur die enjamberende sinsnede „en dat alleen verbond" geïsoleer word, dra alles daartoe by dat hierdie volgens betekenis baie belangrike passasie skerp uitstaan.

'n Ander interessante geval tref ons aan in die volgende:-

„heillooze Helena - / Zoo bang
is het den mensch om het door haat verdorde
hart by uw wrekende aantocht nooit geworden"

Ook hier is die plasing van aksente in die kort vers onreëlmatig en trek dus aandag (-ook deur die herhaling van die H en L in twee op mekaar volgende drielettergrepige woorde waarvan elke keer die eerste lettergreep die aksent dra: Heillooze Helena ). Nou volg daar 'n ruspouse, en daarna volg op albei oorblywende sillabes 'n sterk aksent, en die vers loop dan oor in die volgende vers, wat op sy beurt enjambeer.

In die passasie:

„Waar ook een ingekeerde ziener althans,
verre van te voorkonden
zijn hart vasthoudt
om deze waarwraak van verraden droomen"......

bevat die middelste twee verse tesame elf lettergrepe en vyf heffinge. Saam as een vers geskryf dus, sou dit dieselfde lengte hê as die ander verse waartussen dit sou staan. Deur die vers in twee te splits - met 'n rymwoord om die eerste gedeelte af te rond - word die gang effens vertraag juis hier waar die huiwering van die „ingekeerde ziener" uitgebeeld word (Die bang terughouding word verder gesuggereer deur die herhaling van v /-).

Aanvanklik lyk dit asof daar 'n reëlmatige rymskema toegepas word: Abbacddc ens., en daar word in die tiende en elfde paragrawe tot dié plan teruggekeer; maar dit kom so sporadies voor dat dit nie vir die geheel geld nie. Elke vers sluit wel af op 'n woord wat met die slotwoord van 'n ander vers rym, en die rymwoorde is nie te ver uitmekaar geleë nie. Die enigste rymlose vers is die laaste, wat ook slegs uit sewe sillabes bestaan (en drie aksente bevat) „Want zoo verstreek

weergalmende een kwart eeuw.........".

Dat 'n mens by die lees gladnie agterkom dat hierdie vers nie rym nie, kan miskien deur die onreëlmatige terugkeer van die rymklank elders verklaar word, maar ook deur die plasing aan die einde van die gedig waar die „afsluitende" funksie van die rym eintlik oorbodig is, omdat daar niks verder volg nie.

> „Die lange pouze, die erop volgt, is voor de „omlijsting" van deze laatste regel meer dan voldoende, zodat het rijm als't ware overbodig wordt -, zo principiëel overbodig wordt, dat men het nog meent te hooren terwijl het er al niet meer is! Het akustisch effect van het rijm en de eindfunctie van het rijm blijken zo innig met elkaar verband te houden, dat men een willekeurig woord aan het eind van een regel alleen maar een maximale eindfunctie behoeft te verschaffen om de suggestie te wekken, dat dit woord een rijmwoord is, - of, op zijn minst, dat het in geen enkel opzicht buiten het kader van het rijm valt" (35

(35) Simon Vestdijk : De Glanzende Kiemcel p.89.

Aangesien „Helenas's Inkeer" 'n 'fragment' heet, en al die paragrawe in die tweede deel onderling deur rym verbonde is, sou die rymwoord op „eeuw" in 'n volgende paragraaf, wat ongeskrewe is, kon gestaan het. Maar kan daar ooit nog 'n paragraaf geskryf word, en „Helena's Inkeer"ooit meer as 'n fragment word? Moes ná die ontsettende vermoede dat die sin van die wêreld leegte kon wees, na hierdie visioen van die ondergang te midde van die met liggaam en siel beleefde ondergang, alles nie 'n ope vraag bly nie?

„Helena's Inkeer" is onder Roland Holst se aktualiteitsgedigte enig in dié sin dat dit die onmiddellik ondervonde aktualiteit, die persoonlike werklikheid en die visioen op die hoëre werklikheid tot eenheid saamvoeg.

Slotbeskouing.

Om 'n enkele afsonderlike aktualiteitsgedig van A. Roland Holst volkome te kan begryp, moet 'n mens vooraf vertroud wees met al sy prosa (veral De Afspraak, Uit Zelfbehoud, Eigen Achtergronden en Van Erts tot Arend), en al sy ander poësie, vernaamlik al die ander tydsgedigte. Dit is werklik nie moontlik om 'n bepaalde tydsgedig uit te kies en sonder die nodige vertroudheid met Roland Holst se ander werk, ten volle te begryp nie. Ons het gesien hoe die gedigte inmekaar skakel, en hoe daar sekere simbole ontwikkel is wat alleen deur „ingewydes" geheel en al verstaan kan word.

Sy ondergangsidee, wat vorm begin kry het in die jare - en miskien onder die invloed van - die Eerste Wêreldoorlog, het Holst afgelei en opgebou uit elemente van die Griekse en Keltiese mitologie. Daardie idee het in besonderhede steeds uitgebrei en aldus „voller" geword, maar in werklikheid is daar aan die idee self, soos ook aan die Kelties-Griekse simbole wat meer en meer tot hiëratiese tekens van die idee geword het, min toegevoeg wat nuut is. Allengs egter, het wat vroeër nie meer as 'n intuïtiewe vermoede van 'n komende ondergang was nie tot die sekerheid van 'n nabye ondergang gegroei namate die tekens van die idee al hoe meer bevestiging gevind het in tekens van die eietydse wêreldgebeure. So het die oorspronklike simbole nie net tekens van 'n ondergangsidee nie, maar tewens tekens van die dreigende ondergang van ons eie, aktuele wêreld geword. Die tekens van die persoonlike mite blyk nou ook tekens van dié van die wêreld te wees, en aldus het Roland Holst daarin geslaag om „de mythe nog scherper uit te beelden, en nog duidelijker uitdrukking te geven aan het anders zijn van de eigen overtuiging in

verband ...../

verband met de heersende opvattingen". (1) Hierdie proses van wysigings wat hulle voltrek binne die simbole, maar nie sonder die inwerking van die tydelike wêreld daarbuite is nie, volg 'n geleidelike gang, tot dit skielik hewiger begin uitstaan in die aanvang van die dertiger-jare. Eers in Een Winter aan Zee verskyn die ou simbole hewig gelaai met 'n nuwe sin, 'n aktualiteitsin, mede as gevolg waarvan die bundel in sy geheel vatbaar word vir 'n verskeidenheid van gekorreleerde interpretasies, al word die aktualiteit self met geen woord, altans nie met woorde wat in die eerste plek hul betekenisinhoud aan die aktualiteit ontleen het, genoem nie. Dieselfde geld ook vir sommige nie-aktualiteitsgedigte uit die jare na 1930 in Onderweg.

Eers in die eintlike aktualiteitsgedigte kry 'n mens naas die aktueel-gelaaide ou simbole, 'n terminologie wat aan die aktualiteit ontleen is, tekens van allerlei elemente uit die feitelike gebeure van die eie tyd, die tydsgebeure wat nie slegs die stof vir hierdie gedigte lewer nie, maar die digter tot die skryf daarvan geïnspireer het, - iets wat alleen maar denkbaar is omdat Roland Holst die „toedracht der doende wereld bij klaarlichten dag met eenmaal gezien (heeft) in een geheimzinnig schijnsel dat van geen uur is, en waarin het menschelijk bestaan zich voordoet als niet meer dan een luttel gebeuren, laat begonnen en van beperkten duur, op dezen ster. " (2) M.a.w.: omdat hy in die aktualiteit 'n teken van die buite-menslike ondergangsmite gesien het. Die aktualiteit lewer nie nou slegs 'n „correctie" vir die digter se „artistische denkvormen." (3) nie: dit word in daardie denkvorme, in sy ondergangsidee geïntegreer. Die nuwe terminologie, aan die aktualiteit en die geskiedenis ontleen - (Prins, Geuse ...../

(1) W.H. Stenfert Kroese: De Mijthe van A. Roland Holst, p.22

(2) Proza II, p. 151: „Oorlogstuig". Uit Zelfbehoud.

(3) V.E. van Vriesland in Over den dichter A. Roland Holst, p. 58.

Geuse, gedrilde dromme, onderkaak, Derde Ryk, Rockefeller) word op sy beurt simbolies gelaai en dus op meer as een plan interpreteerbaar. Dat hierdie proses van simbolisering nie slegs in die jare 1930-45 nie, maar van altyd af in Roland Holst se denk- en verbeeldingslewe aan die gang was, blyk duidelik uit sy eie onverbeterlike woorde:

„ De begrippen, die vanuit den achtergrond op mijn werk van invloed werden en bleven, waren veeleer zeer algemene onderscheidingen die - al doende - uit mijn dualistischen aard ontstonden, en waardoor die aard dan weer wat minder moeite had wegwijs te worden binnen den tijd. Zij ontstonden minder uit het z.g. denken ( en zeker niet uit het wikken en wegen daarvan), dan wel uit wat ik zou willen noemen een in nadenken verzonken ervaren van het leven. Omdat zij er nooit op uit waren, gelijk te krijgen, zagen zij vanzelf af van elk betoog, dat tot detailleeren en theoretiseeren zou hebben geleidt, en voorzoover zij ertoe kwamen hun consequenties te trekken, deden zij dat enkel binnen het gedicht of een daaraan grenzend prosa, nagenoeg uitsluitend dus binnen het gebied der scheppende verbeelding en der symbolen. Door den toestand van nadenkend ervaren, waaruit zij ontstonden, werd trouwens een wezenlijke verschil tusschen deze begrippen of onderscheidingen en het symbool al aanstonds opgeheven. " (4) Dat die onderskeid tussen die simbool en die begrip opgehef word, het ons in die voorgaande hoofstukke ten oorvloede ondervind, en nêrens meer as in die tydsverse nie. Dié soort simbolisering, met name in die tydsverse, kan miskien sô omskryf word: die betrokke woord of uitdrukking, druk naas sy gewone, algemeen aanvaarde betekenis ook 'n wyer begrip uit: dié aspek van Roland Holst se siening van die menslike

bestaan ...../

---

(4) Proza II, p. 239 : Eigen Achtergronden.

bestaan wat ooreenstem, of volgens sy definisies ooreenstem, met die aspek van die lewe of tydsomstandighede wat gewoonweg deur die woord of uitdrukking in strikter sin bedoel word.

Die simboliese interpretasie van die aktualiteitstema lewer dan ook deurgaans nie veel moeilikheid op nie, ten minste nie as 'n mens kennis dra van Roland Holst se orige werk en vernaamlik van sy prosa uit die jare van Tegen de Wereld nie. 'n Mens gaan eintlik heeltemal spontaan tot so 'n interpretasie oor, en dit sou eintlik verregaande naïwiteit wees as iemand bv. „Rockefeller" alleen maar as „Rockefeller" of „Amerika" of soiets sou verstaan.
Daar is wel 'n paar gevalle wat kan laat twyfel, of waar 'n mens slegs òf 'n vae òf haas onontwarbaar-verwikkelde begrip van die „teken" kan kry - bv. die slot van „Drie Dichters en de Oorlog" II en „Zwaar Weer op Til". Andersins is daar weer gevalle waarin 'n mens moontlik alleen die letterlike betekenis van die terme sou raaksien en desondanks tog 'n bevredigende, op sigself volledige sin uit die gedig kan haal. Soiets is bv. moontlik van „Voor West-Europa", al sal die „goeie verstaner" hierdie gedig as vanselfsprekend begryp as verset, nie slegs teen Duitsland, gelei deur 'n „onderkaak" nie, maar teen die omsettingsproses van sielskrag in energie dwarsdeur die wêreld, en Duitsland as die gésel in die hande van die wraakgodin. By die „slecht rijk" in „Helena's Inkeer" daarenteen, sou dit van onvergeeflike kortsigtigheid getuig.

Daar is eintlik slegs één gedig waar die aktualiteit hom nie leen tot 'n wyer begrip nie, nl. die „In Memoriam President Roosevelt". Afgesien daarvan dat Roland Holst hier hulde bring aan 'n man van politieke

„dade" ...../

„dade", en sy dank vir „wat er ons aan leven overschoot" rig aan iemand wat hom laat verstrik het in 'n politiek wat vir Wes-Europa baie gevaarlik moes wees (Yalta !), sou 'n mens slegs deur die betekenis, in die verband, geweld aan te doen, 'n breër betekenis in die woorde „dat beulenvolk van zonden zwart" kon lê - 'n betekenis wat nie werklik in die woorde vervat is nie. Hul kan slegs maar in hul letterlike sin opgevat word, - 'n uitsonderlike verskynsel in die tydsverse van Roland Holst - die blote aktualiteit. 'n Moontlike verklaring vir hierdie hulde (wat trouens in teenspraak is met sy hunkering na 'n eindbrand!) is 'n tydelike oplugting onmiddellik nà die oorlog - die gedig dateer uit 1945, - en in dieselfde tyd die vloed van varse berigte oor die gruweldade deur Duitsland gepleeg. Die teenspraak tussen gewoon-menslikheid en die Mite van Roland Holst lê naamlik in die dankbaarheid vir 'n oorskot van lewe. Ons moet hierdie teenspraak egter nie te swaar laat weeg nie : dankbaarheid is nog nie vreugde nie, en in die slot van die gedig is daar weer, om ondanks alles Roland Holst se kultuurpessimisme te bevestig, en waardeur ook hierdie gedig in sy visie op die wêreld ingepas kan word, die verwysing na die derde noodweer :
„en God weet of de Dood hem niet de smart/en weedom van een derde noodweer spaarde." Dit is die enigste plek waar Roland Holst aan die noodweer 'n volgnommer gee, en vir die eerste keer erken hy dat daar meer as een van hierdie noodwere sal wees, dat die eerste wêreldoorlog ook een was en dat die tweede nog nie die finale was nie. Sy insig het dus nie verander wat betref die onvermydelike koms van die finale ondergang nie, maar alleen in dié sin, dat dié enkele noodweer nie voldoende was nie, maar meer noodsaaklik sal wees om ons beskawing te vernietig.

Die ...../

Die noodsaak bly dus staan, ewe goed as die onvermydelikheid. Roland Holst glo nie dat die Skoonheid „door een braaf plan wel valt te herhalen" nie; hy glo nie dat die Siel - en met haar die wêreld - gered ken word sonder 'n grondige ondergang van die huidige wereld en „een tijdelijk zich offeren der ziel" nie. Alleen wie wanhoop aan die onsterflikheid van die siel kan tot wanhoop aan die wêreld gebring word.

„Geloof echter in die onsterfelijkheid kan in dit proces een tijdelijk zich offeren zien der ziel-offer, te grootscher waar zij; wien het gebracht word, het zich in hun gretigheid niet als offer bewust kunnen maken. Slechts als zulke dingen gaande zijn, kan de barre swerm der doende wereld, gekomen binnen een krachtveld van zoo beslissende spanningen, zich herleiden tot een beeld, een schouwspel, dat zich, duister en flonkerend van alle betrekkelijkheid, de wereld eigen, schijnt te ontdoen, en zeker sal de bewust bezielde, die het in dezen zin waarneemt - hoe ook de aanblik van dit offer hem ontzet en benauwt - nooit in staat zijn, zich metterdaad aan te sluiten bij hen, die - ook al beroepen zij zich oprecht op waarden, die hem dierbaar zijn - de wereld zich nog schrap willen doen zetten tegen wat thans zijn aanvang nam. Want hoezeer de vurigste van wie dit zouden willen zich ook in den naam van den volksaard opwerpen, <u>hun</u> aandrift dreigt de ziel tegen te werken in haar ultieme bedoeling zichzelf te offeren, en door hun ingrijpen zullen zij omstuwd worden en tot de werktuigen gemaakt van de verontruste menigten, die haar - allen schijn ten spijt - vijandiger zijn dan de horden door middel van welke zij haar offer volbrengt. (5)"

Dit ...../

---

(5) Proza II, p.132, 133: „De Oorlog der Verblinden", „<u>Uit Zelfbehoud</u>".

Dit is dan die paradoks van Roland Holst se aktualiteitspoësie: dit is slegs ten dele reaksie, verset en aanklag, dit is altyd vóór alles getuienis, nooit 'n ingrype nie. Waar dit verset is, is dit steeds hoofsaaklik gerig teen die hordes en gedrilde dromme, maar ook teen dié wat, selfs met goeie bedoelings, die beslissing slegs vertraag deur in te gryp. Dit is getuienis, sowel van die ingekeerde se ontsetting by die „aanblik van dit offer", as van die voltrekking van die offer en die ondergang self. Sy aktualiteitsverse gryp nie in nie, maar getuig van buitewêreldse magte se ingrype in die wêreld: hulle laát die magte as 't ware ingryp.

So kom ons dan by die slotvraag: hoekom het Roland Holst 'n bepaalde gedeelte van sy poësie in Tegen de Wereld afgesonder van sy orige digwerk? M.a.w. is daar enige opmerklike onderskeid tussen Tegen de Wereld en sy ander verse?

Die vernaamste, maar per slot van rekening tog maar bykomstige verskille lê dan in die volgende verskynsels:

1. dat slegs in die gedigte van Tegen de Wereld regstreekse verwysings na die aktuele gebeure en persone in Nederland en in die wêreld voorkom;
2. dat enkele van hierdie gedigte 'n, elders by Roland Holst so goed as onbekende grimmig-weerbare en aanvallende toon laat hoor;
3. dat slegs hier en herhaaldelik baie uitdruklike verwysings na die Nederlandse nasionale verlede, veral die nasionale verlede as beskamende spieël vir die hede, te vinde is;
4. dat dié historiese assosiasies selfs, en slegs hier, opvallend versterk word deur aanwending van 'n „historiese" versvorm soos die referein

en deur ...../

en deur sinspelings op Nederlandse poësie uit die sestiende eeu;

5. dat ook die min of meer resente geskiedenis van die Christelik-Europese beskawing 'n aantal motiewe tot hierdie gedigte bygedra het.

'n Wesenlike verskil tussen die tydsverse en die orige poësie van Roland Holst is daar egter nie. Die tydsverse is almal in mindere of meerdere mate - soos Stuiveling i.v.m. „Helena's Inkeer" opgemerk het - „noch politiek noch economisch gericht, maar metafysisch".[6] Die aktualiteitsgedigte wys almal (in een of meer elemente, en gewoonlik deurlopend) bo die aktualiteit uit, en almal is draers van die - in Roland Holst se werk - allesoorheersende idee van die ondergange.

---

(6) G. Stuiveling: Triptiek, p.41.

-----oOo-----

## BIBLIOGRAFIE.


**Braak, Menno ter** : Over Waardigheid en Macht, Amsterdam, De Bezige Bij, 1945.

Verzameld Werk, Amsterdam, G.A. van Oorschot.

V (1949) p.99-106, „Revolutionnaire Poëzie".

VI (1950) p. 489-494, „Uit de Voortijd".

VII (1951) p. 20-25, „De Tweede Wereld".

**Butler, Harold** : The Lost Peace, New York, Harcourt, Brace and Company, 1942.

**Carr, E.H.** : International Relations Since the Peace Treaties, London, Macmillan, 1937.

The New Society, London, Macmillan, 1951.

The Twenty Year's Crisis, 1919-1939, London, Macmillan, 1942.

**Donkersloot, N.A. e.a.** : Het Vrije Boek in Onvrije Tijd, Amsterdam, Stedelijk Museum, 1945.

**Duinkerken, A. van** : Ascese der Schoonheid, Amsterdam, L.J. Veen, 1941.

**Es, G.A. van** : „Hervorming en Calvinisme", p.152-201 in Geschiedenis van de Letterkunde der Nederlande III s'Hertogenbosch, Malmbergen, Antwerpen Standaard, 1948.

839.334 Z

**Greshoff, J.** : Verzameld Werk, Legkaart, p.299-311, „De Dichter Tegen de Wereld", Amsterdam, P.N. van Kampen en Zoon en Querido, 1948.

**Groot, A.W. de** : Algemene Versleer, Den Haag, Services Encyclopaedie, Afdeling Taalkunde, 1946.

**Hoornik, Ed.** : Toetssteen, p.9-25, „Forum Voorbij"; 41-53 „De Afspraak met den Verborgene", s'Gravenhage, D.A. Daamen, 1951.

**Kramer, W.** : Inleiding tot de Stilistische Interpretatie van litteraire kunst, Groningen, J.B. Wolters, 1947 - 2e druk.

Litterair-Stilistische Studiën, Groningen, J.B. Wolters, 1950.

**Lam, A.B.** : Verzet en Poëzie, s'Gravenhage, Ad. M.C. Stok, 1945.

839.309

**Leeuwen, W.L.M.E. van** : Drift en Bezinning, Amsterdam en Antwerpen Wereldbibliotheek N.V., 1950.

De Ivoren Toren, p.56-60: „Geen aanhang dezer duister en ... A. Roland Holst" 1948, Bussum, F.G.Kroonder, 1950.


Lezende ...../

: Lezende onder de Lamp, p.147-176 „Over A. Roland Holst", Enschede, M.J. van der Loeff, 1947.

„A. Roland Holst, de noodlottige uitverkorene" in Apollo, Mei, 1948.

Lousse, F. : Geschiedenis van de hedendaagsche beschaving, Brussel - Standaard en Leuven de Vlaamsche Drukkerij, 1945.

Marsman, H. : Verzameld Werk III, p.31-38: „A. Roland Holst", Amsterdam, Bilthoven, 1938.

Mierlo, J. van : „De Kamers van Rhetorica" p214 - 225
„Overige Kunst in Dicht" p272 - 307
„In de Branding der Hervormingsbeweging" p346 - 386
in „Geschiedenis van de Letterkunde der Nederlanden II, s'Hertogenbosch, Malmbergen, Antwerpen, Standaard 1948.

Perron, E. du : Voor Kleine Parochie Brussel, A.A.M. Stols, 1931.

De Smalle Mens, Amsterdam, Querido, 1934.

Rispens, J.A. : De Geest over de Wateren, p.12-25, „Kristal tegen Kruis", Kampen, J.H. Kok, 1950.

Roland Holst, A. : Verzamelde Gedichten I en II. Verzemelde Proza I en II., s'Gravenhage, A.A.M. Stols en Bussum, C.A.J. van Dishoek, 1948.

839.317

De Twee Planeten, Kaapstad, Balkema, 1947.

Roland Holst, Henriëtte e.a. : Over den Dichter A. Roland Holst, Amsterdam, De Bezige Bij, s.j.

Romein, J. : Machten van deze Tijd, 4e druk, vermeerderd met „Gegist Bestek" ingeleid en bezorgd door J. Presser, Amsterdam en Antwerpen Wereldbibliotheek, 1950.

Sötemann, G. : A. Roland Holst en de Mythe van Ierland, Amsterdam, J.M. Meulenhof, „de Eik", dl.14, 1950.

Stenfert Kroese, W.H. : De Mythe van A. Roland Holst, Amsterdam, De Bezige Bij, 1951.

Stuiveling, G. : Triptiek, p.38-45, „Balling en Boetgezant", Amsterdam, Querido, 1952.

Steekproeven, p. 229-254, „Het Nieuwe Geuzenlied", Amsterdam, Querido, 1950.

Theimer, Walther : The Penguin Political Dictionary, 1939.

Velde, I. van der : Het Eeuwige Vuur met een inleiding van Henr. Roland Holst - van der Schalk, Amsterdam, Arbeiderspers, 1933.


Verwey ...../

Verwey, A. : Ritme en Metrum, Santfoort, C.A. Mees, 1931.

Vestdijk, S. : De Glanzende Kiemcel, s'Graveland, De Driehoek, 1950.

De Poolsche Ruiter, p.205-212, „Dialoog over de Ezelinnenmelk", Bussum, F.G. Kroonder, 1946.

Muiterij tegen het Etmaal, p.35-38, „Troje en het Kristal"; p.147-150, „Paradoxaal Zelfbehoud", s'Gravenhage, A.A.M. Stols, 1947.

Zweig, Stefan : Die Welt von Gestern, Erinnerungen eines Europäers , Stockholm, Berman Fischer, 1944.

-----oOo-----

RHODES UNIVERSITY LIBRARY